



J M P A L A

VOL 211 EERSTE KWARTAAL 2004

R10.00

BTW-ING
VAT-INCL

Bosveld Jagters- en Wildbewingvereniging Tydskrif
Bushveld Hunters and Game Conservation Association Magazine



INHOUD/INDEX



Foto deur: André Meyer

Opgestel deur: André van der Merwe

INHOUD

Nuus vanaf die Redaksie	4
Ware feite oor Akreditasie	4
Amper Mis of Amper Raak	4
Camphor Cream Bokke	5
'n Foonjie vir 'n Ootjie	6
Wildsete	7
Lekker Jag	8
Kalahariejag vervolg	8
Footjies, Fiksie of Feite	11
Foto Galery	12
Ons Neem Afskeid	14
Papierskieters, Bokskieters en Jagters	14
Nuwe Item vir Skietdae	15
Aim Shooters Show	15
Nog Fotos	16
Ons jag in die Valle	17
Jag-Ego booster, Tool of Voorreg	22
Dassiejag	22
Buffeljag Kompetisie	22
Briewe kolom	23
Belangrike Datums	23

KONTAK PERSONE EN NOMMERS

UITVOERENDE BESTUUR

President	Fred Mulders	082 851 4618
Voorsitter	André vd Merwe	083 628 4549
Onder-Voorsitter	Wallie van Dyk	083 452 2414
Penningmeester	Stephan Fourie	015 295 9171
Hoof Opleiding	Louis Naude	083 775 5476
Sekretaris	Hein Höll	083 271 3280

TAKKE

Eiland tak

Voorsitter	Heimo Wiers	083 306 0829
Onder-Voorsitter	Willie Osmers	072 228 9635

Letaba tak

Voorsitter	Wallie van Dyk	083 452 2414
Onder-Voorsitter	André le Grange	082 322 5388

Magaliesberg tak

Voorsitter	Kobus Joubert	082 651 6570
Onder-Voorsitter	Paul Grobler	082 412 3497

Pietersburg tak

Voorsitter	Pieter Grimbeek	082 565 9099
Onder-Voorsitter	Francois Geldenhuys	082 448 9120

Potgietersrus tak

Voorsitter	Diekie Muller	083 276 4041
Onder-Voorsitter	Alric Forssman	082 870 1911

Soutpansberg tak

Voorsitter	Tewie Wessels	082 939 6681
Onder-Voorsitter	Frans Heinlein	082 876 0614

Waterberg tak

Voorsitter	Gerhard Bakker	082 441 9888
Onder-Voorsitter	Josua Haarhoff	073 155 8181

Kantoorure

Maandae tot Donderdae	8:00 - 16:00
Vrydae	8:00 - 13:00

Posadres

Posbus 1771, Polokwane

E-pos

mwbosjv@mweb.co.za

E-pos André vir artikels

andre@conic.co.za

Tel & Faks

015 - 291 5923

Nuwe Sekretaresse

Christine Venter

KOPIEREG

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer of oorgedra word in enige vorm of op enige wyse hoegenaamd nie, hetsy elektronies of meganies, insluitende die fotokopieër of opname daarvan hetsy deur middel van enige ander inligtings-, bergings-, of verhalingsstelsel, sonder vooraf skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Daar bestaan outeursreg in hierdie werk. Enige ongemagtigde reproduksie van hierdie werk is handelinge wat outeursreg skend. Die dader sal weens sivilregtelike outeursregskending aanspreeklik gehou kan word. Dit kan die dader onder sekere omstandighede aan strafbare vervolging blootstel.

Die inhoud van artikels in die tydskrif weerspieël nie noodwendig die mening van die Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging nie.



Nuus vanaf die Redaksie.

Ek wil graag aan die begin van die jaar vir almal 'n geseënde nuwe jaar en jagtyd toewens. Ons is dankbaar dat almal veilig tuis is en hoop julle het lekker uitgerus. Die jagseisoen is om die draai en die takke het reeds met hulle aktiwiteite begin. Ons hoop saam met die boere dat die droogte wel op die regte tyd gebreek sal word. Vir die wat goeie reëns gehad het, ons is saam met julle dankbaar. Die Impala het verlede jaar weer die lig gesien na baie jare van afwesigheid. Ek het aangebied om dit die eerste jaar te doen en sit nou nog met die takkie. Herman Jonker het egter gewaarsku dat so 'n taak gewoonlik na die eerste jaar moeilik raak, want jy sukkel om artikels te kry. Ons het egter nie die doel om 'n winkelrak tydskrif te publiseer nie. Vir my gaan dit om 'n tydskrif eie aan jou vereniging daar te stel. Dit is lekker om dinge van jou eie mense te sien en te lees. Die probleem is egter dat ek eerstens nie 'n redakteur is nie en die tyd wat ek hieraan bestee na werksure is. Dit is dan ook die rede vir die Desember uitgawe van 2003 se halwe storie van Abel. Ek en Marius by my kantoor het Desember krom gestaan. Ons het een advertensie wat uitgeval het met die tweede proef ook gemis. Nou ja dit is nie die einde van die wêreld nie. Ek wil egter versoek dat die fotos wat so belowe word, aangestuur word asb.

Ons is baie hartseer om aan te kondig dat Mandy ons gaan verlaat. Sy is darm nie kwaad vir ons nie, maar het 'n baie beter pos gekry. As ek nou terug dink aan die sekretaresse wat bekwaamheidstoets geskryf het, 'n SA meter is en 'n instrukteur dan gaan ons haar werklik mis. Sy het baie meer as net sekretariële werk gedoen. Sy was die beeld van die BJV en het dit met groot trots gedoen. Mandy .. ons gaan jou bies mis en wens jou net die beste toe waar jy nou gaan. Ons kan in woorde nie vir jou dankie se vir wat jy gedoen het nie. Ek versoek die takke om vir my nuus en fotos van funksies en aksies te stuur, sodat ons dit met die ander kan deel. Gebruik die geleentheid om deel te wees van 'n lekker groep vriende.

Groete

Die Ware Feite oor Akreditasie.

Die afgelopen paar maande was daar baie stories en bemerkings foefies rondom die Akreditasie. Ongelukkig is daar 99% van die mense wat vra hoekom is julle nie geakrediteer nie, wat nie eers weet wat die woord beteken nie. Alle vuurwapenlisensie aansoeke word tans onder Art. 75 van 1969 handteer. Die nuwe regulasies sal moontlik eers teen Nov 2004 geïmplementeer word. Daarna sal daar 'n periode van 5jaar wees waartydens heraansoeke hanteer sal word. Die Toegewyde jagter status wat toegeken sal word het nog nie eers 'n aansoekvorm waarop dit gedoen gaan word nie. Daar is nog nie assessors wat dit sal monitor aangewys of bepaal waaraan hulle moet voldoen om assessors te wees nie. Daar is nog geen vereniging se opleidingslesings geakrediteer wat sal dien as voorvereiste nie.

Alle verenigings wat geakrediteer wil word moet eerstens geakrediteer word by POSLEC CETA - menende hulle vuurwapenopleiding moet goedgekeur word. Verder moet hulle aan 'n Internasionale of Nasionale vereniging behoort. (Wat moontlik kan verander)

So, Akreditasie kan huidiglik vir jou nou niks in die sak bring nie. Die SAP wil die Jagtersverenigings gebruik om die monitoring van Toegewyde jagters te doen. Daar is nog niks konkreets op die tafel nie. Al daardie nuusberigte dat jy voor Maart jou wapens moet herregistreer en dit slegs sal kan doen as jy aan 'n geakrediteerde vereniging behoort is vals. Vra vir daardie ouens of hulle weet wat die woord akreditasie beteken en of hy al heraansoeke ingedien het en hoe dink hy gaan 300 000 eienaars en sowat 3 miljoen wapens binne so 'n kort tyd herregistreer word, om nie eers van die SAP te praat nie. Ek vra net hoe stupid wil so 'n ou nou wees. As hy dit nie eers vir homself kan uitredineer nie en ook nie daaroor wonder nie, moet hy nie sulke stellings of persverklarings maak nie.


Party mense sal enige iets doen vir aandag.

AMPER MIS OF AMPER RAAK *deur Rudie van Wyk*

Om deur 'n vreemdeling op jou foute uitgewys te word is gewoonlik nie aanvaarbaar nie. Maar trek die skoot 'n bietjie links of regs en die bokkie vlieg in "overdrive" weg. Het jy al agter gekom hoe praat jy met jouself? Jy laat nie eers toe dat jou eie persoonlike botaniese ingenieur so met jou praat nie. Ongelukkig speel die verwyte geen rol by gedane sake nie.

Of die bok nou amper mis of amper raak geskiet is, is die oorsaak gewoonlik heel laaste die skut se skuld. Eerder die bok wat beweeg het of 'n tak wat voor die loop ingesluip het. Selfs partykeer het die bok te ver gestaan. Weet ons werklik wanneer die dier amper raak of amper mis geskiet is? Die vraag kan onmoontlik nie op papier beantwoord word nie. Die enigste oplossing vir die stelling is ondervinding en nogmaals ondervinding in die veld.

Elke aksie veroorsaak 'n reaksie. Die aksie van die skoot wat gevuur is toon 'n reaksie op die dier waarna geskiet word. Die reaksie van wildsbokke verskil van spesie tot spesie, selfs tussen manlike sowel as vroulike diere. Elke wildspesie het 'n sone rondom hom wat bekend staan as die vlugsone. Indien die sone betree word, sal die dier se reaksie outomaties wees, om op die vlug te slaan. Die vlugsone verskil van spesie tot spesie afhangende van die ontwikkeling van hulle gehoor-, reuk- en sig sintuie. Die gemakssone is groter as die vlugsone deurdat dit die sone is waar die dier gemaklik voorkom wanneer dit gevaar sien. Die sone verskil ook van seisoen na seisoen. In die warm nat maande waneer die bos baie ruig is, is die vlugsone kleiner deurdat die sigbaarheid deur die plantegroei verswelg word. Tydens die droë wintermaande raak die vlugsone weer groter deurdat die sigbaarheid van die dier verbeter, as gevolg van die verlies aan blare



Die sones speel 'n rol wanneer die skoot gevuur is. Indien die skut binne die vlugsone was toe die skoot gevuur is sal die reaksie van die dier onmiddellike ontvlugting wees. Indien die skut egter buite die vlugsone in die gemakssone was kan die reaksie van die dier tweeledig wees. Ten eerste kan die dier op vlug slaan of die dier kan verward rondtrap of spring en weer gaan staan om te observeer in die rigting van waar die skoot gekom het. Dit is veral kenmerkend wanneer die prooi nie van die aanvaller bewus was nie.

Soos reeds genoem is, het elke spesie 'n eie reaksie wanneer die projektiel die teiken tref. As daar na die verskillende skootplasinge gekyk word sal die skut agterkom dat die reaksie van die dier redelik varieer. Die reaksie van die dier sal ook varieer as die grote kaliber in ag geneem word. 'n Klein ligte kaliber het minder penetrasie vermoë en slaankrag as wat 'n groter swaarder kaliber sou hê.

Kopskoot.

Wanneer die brein (vitale orgaan) getref word val die dier onmiddellik teen die grond. 'n Suiwer breinskoot laat die dier gewoonlik eerste met die kruis in die grond sak voordat die voorkwarte volg. Indien die skoot weg van die vitale orgaan geplaas word is die reaksie van die dier die teenoorgestelde. In welke geval die projektiel die nasale bene (neusbene) of die kakebeen beskadig of vergruis is daar gewoonlik 'n duidelike swaai van die kop. Die voorbene kan knak, maar herstel weer om op die vlug te slaan. By spesies wat 'n sterk tropverband het bly so 'n gewonde dier gewoonlik lank saam met die trop.

Dieselfde effek word verkry wanneer 'n horing afgeskiet of raak geskiet word. Indien dit naby die kop afgeskiet word val die dier in die grond in. Dit sal vir 'n wyle doodstil lê voordat dit sal begin beweeg om op te staan. Die reaksie wanneer die horing hoog afgeskiet word is dat die dier hoog in die lug opspring en sodoende dadelik op vlug slaan. Indien die kop nie stukkend geskiet word nie is bloeding minimaal. Waar die nasale bene of kakebeen getref is is bloeding volop, maar stagneer met tyd weens die vinnige herstel van bloedvate.

vervolg na bladsy 5



Nekskoot.

Dieselfde reaksie as wanneer die brein ten volle getref word word ondervind wanneer die nekwerwels van die dier reg vergruis word. Indien die skoot nie die nekwerwels tref nie en dit hoog in die nek penetreer is die dier geneig om teen die grond te val, te spartel en op te staan. 'n Skoot te laag aan die onderkant van die nek toon die dier geen reaksie nie en slaan dit vinnig op vlug. Indien die hoof slagare getref word is daar baie bloed teen woordig en die dier sal nog steeds saam met die trop vlug. Kenmerkend van 'n nekskoot en kopskoot wat sekuur getref het is dat die dier in sy spore neerslaan. Indien die dier neerslaan en nog steeds die kop probeer oplig was die skoot nie effektief genoeg nie. Die skut moet dus voorbereid wees om 'n tweede skoot te kan toedien.

Bladskoot

'n Kenmerk van die tipe skootplasing is die duidelike koeëlslag wat gehoor kan word. Sou die skoot nie die hart tref nie trek die dier se rug gewoonlik boggel versnel blitsvinnig terwyl die voorbene klein vinnige tree gee. Die dier beweeg nie vir 'n lang ent nie. Die tipe skootplasing is fataal en die dier sal dadelik weg van die trop af beweeg. Relatief baie bloed is met die tipe skoot op die grond teenwoordig.

Ribskoot

Net soos by die bladskoot is daar 'n duidelike koeëlslag teenwoordig. Gewoonlik veroorsaak die tipe skoot dat die dier wegswenk en begin hardloop. Deurdat die longe baie bloed bevat is die teenwoordigheid van bloed vollop. Net soos by die bladskoot is die dier geneig om nie saam met die trop op vlug te slaan nie maar swenk vinnig weg.

Pens

Die skootplasing is seker enige jagter se nagmerrie. Voordat enige reaksie by 'n dier te bespeur word, word die kenmerkend "plop" geluid gehoor wanneer die projektiel die pens binnedring. Met 'n pensskoot is daar weinig reaksie te bespeur bygesê as net die pens getref is. Die dier sal net eenvoudig begin vlug. Wanneer die projektiel slegs die pens penetreer en geen organe soos milt, lewer en niere beskadig nie, kan die dier vir 'n lang tyd bly beweeg. Die tipe skootplasing wys normaalweg nie vinnig bloed nie. Die bloed- en watermengsel sal eers na 'n tyd op die grond begin wys. Indien organe soos die lewer milt of niere beskadig is bloei die dier geweldig inwendig en is die kans op oorlewing skraal.

Agterkwart

Ten spyte van die groot vleisvermorsing het die tipe skoot ook 'n harde koeëlslag. Die dier sal gewoonlik met so 'n skoot na agter opskop. Indien die projektiel geen been getref het nie sal dit 'n geruime tyd neem voordat die bloed die grond bereik afhange van die groter van die dier. Die skoot kan maklik as 'n misskoot gereken word.

Voorbene

Kenmerkend van 'n skoot wat op die voorbeen geplaas word is die spring aksie van die bok half op die agter pote. Die voorbene word dan met 'n hewige reaksie gekud voordat die dier op vlug slaan.

Deur die stert van baie spesies dop te hou kan dit ook 'n indikasie wees van wanneer die projektiel die teiken getref het of nie. Sodra die projektiel die dier se liggaam binnedring verstyf die dier se spiere wat meebring dat die dier se stert vinnig oplig, dit is veral by koedoes waarneembaar. Blouwildebeeste is weer geneig om die stert vinnig te draai voordat dit in 'n rigting in beweeg.

Wat egter nie agterweë gelaat moet word nie, as die skoot gevuur is en die projektiel die teiken getref het, bly kalm, moet nie opspring en nader hardloop nie. Tien teen een was die prooi nie bewus van die aanval nie en hardloop dit net 'n ent om te gaan staan en terug te observeer van waar die slag gekom het. Gee die projektiel kans om sy werk te doen. Probeer die teiken so ver as moontlik met die oog volg en merk die plek in die geheue waar dit in 'n rigting verdwyn het. Moet nie 'n gejagte dier onderskat nie, sorg dat nadat die skoot gevuur is, daar lood in die kamer is voordat die dier genader word. Dit is beter om 'n addisionele skoot in die dier te plaas as dit verdagte reaksies toon as om bloedspoor vir 'n dag en 'n bietjie te loop.

CAMPHOR CREAM BOKKE. deur Rudie van Wyk

Wie ken stress? Nie die stres wat die brood op die tafel sit nie. Die alledaagse gejaag om die bankbestuurder van die voordeur matjie af te hou, het wel sy pyn en leiding maar eintlik word stress met die roer in die hande maklik onder 'n dop emmertjie weggesteek. As die bos begin buig het onder die snerpande wintershande en die blare hul lêplek op die grond gekry het, en jy sien hulle...takke tussen die takke!

Die gids voor jou het skierlik in 'n spierspasma ingegaan. Met sy een hand beduie hy in die rigting waar die bokke wei. Die oë soek maar jy kan nie deur die sifdeur sien nie. Bietjie nader aan die gids beweeg. Jy sien hulle nie! Weer wys hy en praat hard met sy binnegoed asem in jou gesig. S K I E E T! Wat die gids sien probeer jy met 'n frons, soekend in die rigting van sy hand en sy spoeg kyk soos dit saam met die ski-e-e-e-t in 'n rigting in spat.

Vinnig begin die adrenalies revolusies optel. Met 'n gemoed wat in 'n beswyming ingaan en oë wat nie die bok kan sien, hammer die gids se "ski-e-e-e-t" weer in jou kop. Jy sien nie die bok nie. "Daar hy es" beduie die gids weer. Terwyl hy gebukkend met sy een hand op die grond en die ander hand in die bok se rigting wys. "Wat is dit ram of ooi?" "Skiet, hy es groot ram." Weer soek die oë, en dan net 'n beweging tussen die mopanie blare. Geweer teen die skouer. Wysvinger op die sneller. Wang af van die kolf. Soek met die oë. Kry weer die beweging, wang teen die kolf. Wysvinger begin papparella koors ontwikkel. Is dit nou die nek of die wat? Wang af van die kolf, maak seker met die oë. Weer agter die teleskoop. Die gids gorrel weer angs bevange in 'n fluister stem "ski-e-e-e-e-t!" Hy is in die visier. Die sneller ruk agter toe.

"Is dit raak". Die gids haal sy skouers ontkennend op en begin aanstap na waar die ram gestaan het. Diep wegspring merke word ondersoek. Gebukkend tel die gids'n stukkie bloederige pypbeen van die grond af op. Verwyte begin in jou kop rondslinger. Jy moes eers gewag het. Jy moes nie die kans gevat het nie. Jy was nie seker hoe die bok gestaan het nie. 'n Sorry help nie as die lood klaar by die loop uit is nie. Soekend begin die oë soek na versteurings op die grond en 'n bloedspatseltjie wat al meer gespaseerd voorkom. Die hardloop spoor gaan oor in 'n stap. Regs voor maak die been wat nie meer deur die spiere beheer kan word nie 'n kartel strepie op die grond. Die gids gaan staan en draai om.

Diep wegspring merke word ondersoek. Gebukkend tel die gids 'n stukkie bloederige pypbeen van die grond af op.

"Hy es nie vër nie. Sos ons sien hom, jy gooi!" Erkennend skud die kop op en af en jy voel die sweet vreet die vernis van die kolf af. Jou maag trek op 'n knop soos 'n viskatrol wat kraaines. Die straatjies sweet aan jou slape is groenvoer vir die mopanie vlieë. Saggies word die slot oop gemaak net om seker te maak daar is lood in. Versigtig word die spoor weer gevolg. Die gids gaan sit skierlik op sy hurke, en met een hand wat in die rigting van die bok wys en die ander wat sy oor toe druk wys hy waar die bok aan sukkel. Kolf teen die skouer. Die kruishare dans 'n riel. Hortende asemhaling trek, gly, hyg en pomp. Die inspanning om die geweer te hou laat die are in jou nek ruis en dit klop stelselmatig teen die kolf. Weer jaag die gids se stem, "ski-e-e-e-e-e-t!"

Die skoot gly. Skuinsweg spring die ram links om en skakel oor na "high range". Weer skud die gids ontkennend dat hy nie weet of dit raak is nie. 'n Entjie verder op die spoor buk die gids weer en tel stukkies nat ongekorrerde mis op, pensmis. Jy ruik daar aan net om seker te maak, asof jou brein dit nie kan glo nie. Kan die bok regtig nog aan die beweeg bly as jy hom twee keer met die dertig-drie raak geskiet het.

vervolg op bladsy 6



Weer begin die bordspel by blokkie een en word die spoor gevolg. Daar is nou bloed en penswater op die spoor. Gaar strale van die son masseer jou nek en blaai. Die oorlewende mopanie vlieë wat se vlug nie gekanseleer is nie het die res van die familie gaan haal. Dit zoem en gons om jou kop. Jou oorpunte is reeds rooi geklap om die verpestings te probeer verjaag. 'n Opgehwede droë tong masser nie meer jou gebarste lippe nie en die spoeg hang soos jellie teen jou klein tongetjie. Gebukkend begin die gids skierlik vinniger vorentoe beweeg en beduie met sy een hand agter die rug dat jy vinnig moet volg. Takke krap en skeur en laat vermengde sweet en bloedstrepe op jou arms agter

Die gids gaan staan weer skierlik, sak op sy kniee, en beduie na die ruie kol mopanies voor ons. Swart verwronge stamme en roesbruin blare maak jou oë dom. Dan wys die gids weer. Die dertig-drie kry leplek teen jou wang en jy stoot die patroon voor by die loop uit. Vinnig spring die gids vorentoe en hardloop na waar die ram swem bewegings soos 'n seeskilpad maak om te probeer op kom. Hortend kry die ram vastrap plek en beur orent, struikel weer vorentoe, val met sy bek in die droë blare. Hy tel sy kop weer op en begin onordelik dwars deur 'n rosyntjebos weghardloop. Die gids duik plat en skree weer "S-K-I-E-E-E-ET!" Sweet van jou voorkop wil nie die teleskoop laat fokus nie. 'n Beweging word raakgesien. Die sneller rem weer na agter. KLIK!

Verward word die slot oop geruk en skuur blikkerig teen die lee magasyn. Dom vingers probeer die spaar lood uit jou hemsak weer in die magasyn invoer terwyl jy jou tree moet rek om nie die gids uit die oog te verloor nie. Hygend probeer jy die gids tot bedaring roep net om eers jou asem terug te kry. Jou asem pomp pistons en die beste bloeddruk pille sou nie hond haaraf kon maak teen die "panelbeating" in jou slape nie. Die gids verswak sy pas effens en volg die spoor stelselmatig. Hy gaan staan weer en wys na 'n donker kol agter 'n rosyntjebos rigte. Jou skiet vermoë raak nou van internasionale standaard. Die visier besoek elke land behalwe die teiken. Met die visier wat amper op die teiken is word die sneller weer na agter geforseer terwyl jy jou kop opruk om te kyk waar die skoot geval het.

"Was die skoot raak?" Die gids knik vir 'n slag erkennend en wys na die nuwe bykomende rooi bloed en 'n ekstra sleep merk op die spoor. "Waar is die skoot in?" Terwyl die gids die spoor begin volg beduie hy met sy hand na sy boud en verduidelik dat die tipe bloed vleisbloed is. Spanning knaag en vreet nou soos soutsuur. Magtig, jy jag mos nie van vandag af nie wat is dan die oorsaak dat niks in plek val nie?

*'n Beweging word raakgesien.
Die sneller rem weer na agter.
KLIK!*

Die gids se blaai begin inklekke wys terwyl die mopanie vliee agter hom aan swerm. Hy hurk weer, maak geen beweging nie en draai stadig na jou toe. Die ram het gaan lê en hy wys stadig na die skadukol onder 'n laaghangende kanniedoodboom. Die ram kyk weg van ons af. Stadig tel jy die geweer op en stut die roer met die linker arm op jou knieg. Twee beswete kruishare kry lêplek en sneller gly na agter. Die ram sak sy kop vorentoe en gee boedel oor. Straaltjies sweet maak leivore teen jou slape, die mopanie vliee vergete. Met vasgenaelde oë en nuwe lood in die loop stap jy stadig nader. Einde ten laaste.

Hoeveel keer het hierdie senario nie al met 'n jagter woer-woer gespeel nie? Hoeveel keer het jy met jou self geredeneer om nie weer oorhaastig te wees nie? Hoekom laat jy toe dat die gids jou adrenalien vlakke opjaag deur die woordjie "ski-e-e-e-t"? Dit is waarom jy jag, om te skiet, nie om jouself in 'n pappery in te stres nie. Die besluit lê by jou wanneer en waar om die skoot te plaas. Nou sit jy met 'n camphour cream bokkie voor jou, "hands knees, heels and elbows". Op elke denkbare plek het jy hom raak geskiet behalwe waar dit saak maak. Neem jou tyd, maak seker van die hoek waarteen die bok staan. Maak seker daar is geen obstrukties voor die loop nie en skakel af vir die gids se entoesiame en bravade. Elke dag is 'n jagdag maar elke dag is nie 'n skiet dag nie.

N FOONTJIE VIR 'N OITJIE.

Deur Rudie van Wyk

Om teen tegnologie te stry is soos om 'n wind teen donderweer te los. Of jy nou wil of nie, dit het gekom om te bly. Die Homo Sapiens spesie het die brein reeds so ontwikkel dat alledaagse items onvervangbaar geraak het. Neem nou maar net 'n eenvoudige voorbeeld soos 'n selfoon. Wat het ons sonder die oorbel gedoen? Jy weet nie, ek ook nie. Hoe ons 'n besigheid kon bedryf sonder die uitvindsel gaan my verstand te bowe. Die dag wanneer dit nie aan jou lyf gegee geknip of sommer net in die sak gedra word nie, is dit so goed jy dra nie 'n onderbroek nie.



Handig, wel ons sal nie daarby verby kom nie, maar 'n pes. Ek dink dit verkry maklik 'n eerste plek. Daardie irriterende hobbelpedje ritme musiek wat op die mees onvanpaste tye die lug vervuil maak van 'n puisie 'n etterbom. Dit skreeu sy noodkreet mos op die onmoontlikste tye uit. Die snaakste egter is wanneer die foon vir 'n drukkie vra en sy operateur eers moet brille soek om te kan fokus wie nou eintlik op sy nommer gedruk het. Of die arms te kort raak om die ding verder van jou lyf af te kry om te kan fokus op die skermpie.

Maar die instrument pas in ons gejaagde samelewing soos plaatkoekies by 'n koolstoof. Daar kan net eenvoudig nie sonder hom gefunksioneer word nie. In die besigheids wêreld het dit een honderd persent sy plek. Ongelukkig kan die selfoon in die jagveld jou bankbalans knou of die kombuistafel vol gepak laat raak Sondagaand. Die kans dat jy met die terugry vanaf die jagveld eers by die slaghuis moet stop om darem iets huis toe te kan vat kan ook nie agterwee gelaat word nie.

Menig maal kon daar meer bloed op die bakkie gewees het as dit nie vir die instrument was nie

Die vraag moet gevra word. Hoekom word daar elke jaar geraap en geskraap vir 'n bokkie? Die antwoorde is legio. Om 'n stukkie sening in jou tande te kry. Om jou kop skoon te maak van die daaglikse gejaag na wind. Seer sekerlik om jou vermoë teenoor 'n bokkie te toets. En dan natuurlik om te ontspan en die bos in te drink.

Menig maal kon daar meer bloed op die bakkie gewees het as dit nie vir dié instrument was nie. Onthou jy laas winter toe die rooibokke nie van jou geweet het nie. Versigtig het jy met 'n gejaagde asem en oë oopgesper soos 'n vis vir die regte oomblik gewag. Totdat die elektroniese kwêvoël die bos gewaarsku het van 'n indringer. Dit skreeu soos wanneer daar op 'n kat se stert getrap word. Al wat leef en beef skrik hulself in 'n kortsluiting in. Die geweer val op die grond soos daar met altwee hande probeer word, om die ding dood te wurg. Die rooibokke blaas en skop stof in die teleskoop. Soos 'n natgereënde hoender tel jy dan die foon op van die grond af en probeer kyk wie na jou gesoek het. Dit maak eintlik nie saak nie. Dit word eintlik net gedoen om die gids wat jou verdwaas met vrae in sy oë aankyk te probeer ignoreer.

SOOS daardie eerste jag met die aanbreek van die seisoen. Die manne het mekaar raak gekuier die vorige aand. Die martelsappe het jou erg gekwes. Met 'n lyf wat meer boks as bewe het jy die bokkie amper mis geskiet. Die sneller word mos nie gedruk nie maar getrek. Toe die skoot klap toe trek die bokkie ook. Om met 'n suwwe kop bloedsplatsels op die grond te soek is nie goed vir die gestel nie. Gelukkig was die skoot amper mis en die bloed redelik gespasiëer op die grond. Net waar die bos bietjie breek om plek te maak vir 'n slootjie om verby te gaan, het die oitjie gestaan, effens van balans af as gevolg van die bloed verlies.

Die korrel het net mooi vasgesuig toe die foontjie met die bewe van 'n jack hammer en die geskreeu van 'n maar vark uit jou hemsak probeer kom. Die ooi het haar lyf in 'n krul getrek en met wyd gesperde neusgate vir jou die oostelike heining gaan wys.



*PIETERSBURG TAK WILDSETE DINEE 2003
So moet 'n wildsete lyk*



vervolg van bladsy 6 'n Foonjie vir 'n oitjie

Net soos die instrument 'n jagdag lank kan laat raak kan dit omstandighede tot 'n omkeer laat kom. Daardie wildebees wat laasweek op sy knieë beland het net om weer op te staan en met sy stert vir jou beduie dat jy die verkeerde skoene aan het. Hulle kan nie so ver loop nie. Sonder om onnodige adrenalien vir die wildebees toe te voeg deur dadelik op die spoor te klim, is die oorbel uit sy sakkie gehaal en vinnig gestreel vir hulp.

Die honde is ingebring en binne 'n paar minute het die wildebees 'n gratis rit op die bakkie gehad. Met laas winter se pakketjagte waar daar streng op die getalle van die spesies wat beskikbaar is gekonsentreer word het die foonjie weer sy deel gedoen. Met net een eland op die pakket is daar dadelik op die lug geklim nadat die ou bloue sy bek in die grond gedruk het. Die manne is vinnig een vir een per SMS laat weet dat die kwota vol is. Die jagter was tevrede, die eienaar in sy noppies en die bankbestuurder trap my deurmatjie deur.

Die jag word gewoonlik onthou vir die lekker in die lewe, die lekker jag en die lekker kuier by die vuur. Ongelukkig word die lekker kuier by die vuur gewoonlik vir lang periodes agterwee gelaat. Met die intrapslag in die kamp word die geweer gebêre, daardie bottel wat se inhoud so sterk is dat dit met toue vasgemaak word, nader gesleep. Die linkerhand hou die martelsap vas en die regterhand klop en druk aanmekaar op die verligte skermplie terwyl dit kort-kort teen die oor nesskop. Die manne is vergeete die beslag in ys smelt weg, en die rustigheid van die bos word opsy geskuif vir die kantoor wat na die jagkamp toe verskuif word. Die "rennies" wat met elke tweede vars beslag in jou glas gesuig word het dit alles te dankie aan die oorbel in jou sak. Jy gun jousef net nie die geleentheid om af te skakel nie. Die bos kan nie waardeer word nie, en jou konsentrasie vermoë val in die put deurdat daar gedurig na die skermplie geloo word indien iemand jou moontlik wou soek.

Bespreek jou jag oordeelkundig, neem die foon saam maar benut dit subtiel. Laat weet vir mammie julle is veilig al sleep die tong 'n bietjie. Skakel die ding af, los hom in sy jas en gebruik hom weer met die pakkery, sodat mammie die kombuistafel kan skoonkry. Neem jou mede geselskaplede in ag en benut jou jagtyd ten volle. Alles is geleende tyd.

Lekker jag

deur Kobus Joubert

Die nuwe jaar het pas begin. Behalwe vir die jaar, begin die datum weer by een. Besighede se omskeerpunt begin weer by nul. Alles begin oor en voor. Die bankbalans lyk nie goed nie, dis skoolfonds, skoolklere, jou bakkie moet nuwe bande kry, die brandstof prys is weer op en hoe hou jy nou by jou nuwejaars voorneme as die jaar so begin.

Elke oggend staan jy op met 'n kol op jou maag. Dis tog nie iets wat jy gisteraand geet het nie. Ou Stephan, die apteker, se raad help ook nie daarvoor nie. Dis nou al drie weke. Skielik skrik jy in die middel van die nag wakker, iets pla. Waar gaan ons jag die jaar? Toe weet jy, vandaar die ongemaklike kol.

Jy begin rond bel. "Die droogte het my diere so uitgedun, ons sal nie laat jag vanjaar nie", "Die skoolvakansies is reeds vol bespreek", "Ons het vanjaar vir die eerste keer in vier jaar die prys bietjie gelig", so hoor jy die antwoorde een na die ander. Jy begin wonder, kan dit wees, dan besluit jy, jag is soos 'n bottel whisky, al kos hy dubbel die prys dit bly 'n winskoop.

Uiteindelik kom jy by die plaas Jaglus uit. "Ja, ons maak vir jou 'n plan." Jy voel verlig, die dagfoeie is bietjie hoog, maar die goeie wild pryse sal daarvoor opmaak. Jy maak die bespreking en betaal sommer die volgende dag die deposito oor. Mense vertrou mos moeilik deesdae.

Jy begin herlaai en ammunisie toets. Elke vriend en kennis waarmee jy praat het die beste raad vir waar jy gaan jag. "Gebruik daai punte in die rooi verpakking, man is hulle nou vir jou akkuraat", "gooi so ekstra bietjie kruit by vir ingeval die bok verder is as wat jy gedink het". 'n Paar van daai papiere later, die met die buffel op, sit jy nog net waar jy was voor jy begin het, en die tyd raak min. Net daar neem jy jou voor om nie weer ander se raad te volg nie en jou eie ding te doen. Die tyd vang jou en jy oop koop sommer 'n pakkie PMP, jy ken ten minste die ammunisie.

Jou goed is gepak en dis tyd om te vertrek. Die Ventertjie is nie te swaar gelaai nie, daar moet mos plek wees om die vleis terug te bring. So honderd kilometer verder onthou jy jou verkyker lê nog op die eetkamer tafel, daar waar jy vir ma gegroet het. Jou mond gaan oop om iets te sê maar besluit daarteen.

Nog so honderd kilometer verder hoor jy 'n vreeslike geluid en voel iets ruk aan die bakkie. Dis aftrek en uitklim. Die Venterjie het 'n band gebars. Dis nie te erg nie, jy het mos die spaarwiel nagegaan voor jy vertrek het. Ag , meteens sonder dat jy gewou het, gebruik jy daardie woord wat jy spesiaal gebêre het vir 'n geleentheid soos hierdie. Die bakkie se wielspaander pas nie op die Venterjie nie. Skink 'n koffietjie uit die fles, maak oop die venterjie en haal die bottel versterkwat uit, dis al wat nou gaan help.

Nadat 'n barmhartige sameritaan jou gehelp het om weer op die pad te kom, is die plaas net om die draai. Die nuwe gesigte word vriendelik gegroet en pak gou af. "Oom, is hier plek om " dan besef jy, jy het nooit jou geweer ingestel nadat jy daardie PMP's gekoop het nie. Jy skiet jou geweer in. Die patrone raak min en die jag het nog nie eers begin nie.

Die eerste jag dag breek aan. Die oom het gesê die Landy kan party maal bietjie steeks wees, en jy hoor hoe word hy gekarring. Ons gaan seker vêr ry as hy hom so styf opwen, dink jy by jousef. Nie lank nie, se die oom, "neef, ons moet maar jou trokkie vat, myne se wind is yskoud engal bitter. Jy kom later in die veld as wat goed is. Jou trokkie word gekritiseer met elke bueltjie en voel lus om pluities in jou ore te druk sodat jy nie hoor hoe die takke krap nie.

"Hier by ons moet 'n man party maal in die hol skiet" se die oom. Nou ja, as jy in Rome is Jy knyp stukkend en hoor hoe klap hy. Die bok lê en jy sny keel af. Toe die oom die boudskoot sien laat hy jou mooi verstaan dat dit nie is wat hy bedoel het nie. Toemaar oom, dis vir Gert, hy't gevra vir een, 'n bok meen ek.

Die week gaan verby en dit voel of jy gister hier aangekom het. 'n Laaste aand om die kampvuur met 'n nagkappie in die hand. Dit is waar deur talle jagters jaarliks gaan, en jy dink so by jousef, hoe vervelig moet dit nie wees vir 'n jagter met wie alles reg loop, en hy sy trofee langs die N1 optel nie. Net daar langs die vuur, wens jy vir al jou mede jagters 'n jagtog soos joune toe.

GENIET DIT OU MAAT.

Soos julle seker agter gekom het, het ie tweede helfte van hierdie storie op die grond geval met die vorige uitgawe. Ek vra plegtig onverskoning. Dit het dol by my gegaan. Nietemin hier is die vervolg.

KALAHARIJAG

deur Abel Botha

Vervolg

Die kamp is in 'n pragtige oopte met mooi kameeldoringbome tussen die rooi duine – dit is 'n lang, oop gebou met grasdak en aan die een kant twee badkamers langs mekaar, elk met toilet, wasbak en stort (met gasgeiser), en aan die anderkant 'n lekker gerieflike kombuis. Die lang kante, wat oop is vir die warm Kalahari dae, kan in die aande toegemaak word met seile wat afrol om weer die yskoue Kalaharinagte hok te slaan. In die oop gedeelte is 'n klomp beddens gerangskik en ons kies elkeen vir ons 'n bed. Ek kies maar eenkant 'n bed, vir in geval ek dalk snork, en buitendien, hoe weet mens in elk geval watter ander geluide jy dalk per ongeluk kan maak as jy slaap – en daar is dames ook wat nie te ver 'n bed okkupeer nie

Na ons nesgeskrop het, sit ons 'n teiken teen 'n kartondoos vas en ons gids maak dit vir ons op 200 m teen 'n duin staan. Die gewere en skuts lyk darem of hulle almal ingestel is, en so halfvyf die middag spring ons almal, behalwe Elmarie (Daan se vrou) op die 4x4 om te kyk of ons nie dalk voor sonder iets reg kan kry nie. Die 4x4 sukkel om in die paadjie oor die duine te kom en ek wonder hoe hy in die veld ooit oor 'n duin gaan kom. Ek mis my ou blou Landcruiser al klaar, en ons het nog nie eers deur die veld begin ry nie!

Ons mag nie in die kamp rondom die kampplek jag nie, maar as ons eers deur die eerste kamphek is, begin almal met aandag die omgewing dop te hou. Dit is ook nie baie lank nie, of ons gewaar die eerste springbokke. Daan sien deur die verkyker dat daar 'n ram by is, en hy, Gerrit en die gids klim af en begin bekrui. Wallie besluit om solank vooruit te loop met die pad langs en die res van ons sit en wag in die bakkie. Dis natuurlik 'n voltydse werk om 'n kleuter besig te hou, maar Elzet is gelukkig glad nie moeilik nie en ek en Mart-Mari is so besig om met haar te gesels dat ons glad nie eers die skote hoor nie – ons kom eers agter iets het gebeur toe ons die gids hoor fluit en hy ons beduie hoe om te ry na sy kant toe. Dit is 'n hele ent wat ons moet ry, en naderhand kan ons ook vir Daan en Gerrit sien staan.

vervolg na bladsy 9



Ons mag nie in die kamp rondom die kampplek jag nie, maar as ons eers deur die eerste kamphek is, begin almal met aandag die omgewing dop te hou. Dit is ook nie baie lank nie, of ons gewaar die eerste springbokke. Daan sien deur die verkyker dat daar 'n ram by is, en hy, Gerrit en die gids klim af en begin bekruip. Wallie besluit om solank vooruit te loop met die pad langs en die res van ons sit en wag in die bakkie. Dis natuurlik 'n voltydse werk om 'n kleuter besig te hou, maar



Elzet is gelukkig glad nie moeilik nie en ek en Mart-Mari is so besig om met haar te gesels dat ons glad nie eers die skote hoor nie – ons kom eers agter iets het gebeur toe ons die gids hoor fluit en hy ons beduie hoe om te ry na sy kant toe. Dit is 'n hele ent wat ons moet ry, en naderhand kan ons ook vir Daan en Gerrit sien staan. Dis 'n mooi springbok en ons eerste bloed is getrek! Ons wens vir Daan geluk wat geskiet het (Gerrit was te kort om deur die gras te sien en Daan het besluit om self te skiet). Ons neem 'n paar foto's, wat mos maar altyd moet dien as mooi herinnerings in die láááng somermaande wat ons nie jag nie, en ry verder om vir Wallie te gaan soek.

Wallie het ver geloop – eers dink ons op 'n stadium hy het afgedraai, maar die spore blyk die van “kampers” (wat drade span op kontrakbasis) te wees, en ons ry maar verder met die pad. Ons kry Wallie, wat ook 'n springbok geskiet het, 'n entjie verder, en na die gelukwense en foto's draai ons terug kamp toe, want dis reeds amper skemer. Op pad terug kamp toe kry ons weer springbokke, en Wallie skiet 'n moeilike skoot in die halfskemer baie netjies om ons derde springbok dood te kry. Ons is tevrede! Drie springbokke met die eerste draai wat ons ry, laat ons sommer baie hoop kry vir die twee volle jagdae wat voorlê.

By die kamp aangekom, laai ons net vir Wallie af wat kos moet maak (met Elmarie as assistent!), en ry daarna in die sterk donker die sewe kilometer opstal toe waar die slagplek en koelkamer is. Terwyl die gids en sy helpers afslag, gesels ons met oom Elias en kom agter dat sy vrou ook van Tzaneen, of eintlik Gravelotte af kom. So klein is die wêreld! Van lekker kuier om die kampvuur is daar nie sprake nie, want ons kom eers tinnuur weer by die kamp aan. Wallie en Elmarie het heerlike “spare ribs” gemaak, maar ons het amper nie eers tyd om 'n rustige drankie voor ete te drink nie! Na 'n lekker warm stort is ons bed toe en kon heerlik slaap – ons eerste nag in die Kalahari. Die ysige Kalahari-koue het gelukkig nog nie arriveer nie. Daarom aanvaar ek dit maar sonder 'n woord toe Daan en Elmarie my aanbod om aan Elmarie se anderkant in hulle dubbelbed te slaap (om haar te help warm hou, natuurlik, Daan is ook nie meer so jonk nie) om een of ander onverklaarbare rede van die hand wys.

Die volgende oggend jaag Wallie ons vroeg-vroeg uit die vere. Ek en Daan, wat nagmense is, probeer nog bietjie draai om die tyd onder die warm komberse bietjie uit te rek, maar Wallie het geen genade nie. Die opgewondenheid oor die dag wat voorlê jaag ons darem tog gou uit die vere, en na lekker warm koffie en beskuit spring ons almal in die 4x4. Elmarie gaan ook saam en sy en Elzet sit voor by my in die 4x4.

Elmarie gaan ook saam en sy en Elzet sit voor by my in die 4x4. Mens kan dadelik agterkom dat dit darem nie te koud is nie, anders sou Wallie, soos hy gewoonlik op sulke koue plekke doen, eers beskeie teruggestaan het met die woorde “toemaar, skiet julle maar eerste, ek sal later skiet!” Dis in sulke gevalle maar eers as jy agterop die bakkie staan en jou ore en vingers begin “frostbite” kry dat jy agterkom hoekom Wallie sulke goeie maniere het om jou eerste te laat skiet!

Vandag ry ons na die kampe toe waar die gemsbokke loop – ons het lank genoeg gewag! Dit blyk egter gou dat die gemsbokke nog maklik langer kan wag, want ons kry hulle nie. Die duinery met die 4x4 is ook toe nie so erg as wat ons aanvanklik vermoed het dit sal wees nie – dis sommer baie erger! Dis 'n gestoei van die eerste water wat my laat terugdink aan die dae toe ek as redelike klein outjie moes voorry druk teen ouens wat omtrent vir Jimmy Abbot sou laat klein lyk – jy is ook maar net daar, maar jy kry nie eintlik iets reg nie. En dis die probleem met die 4x4 : dit kry nie eintlik iets reg nie. En dis die probleem met die 4x4 : dit kry nie eintlik iets reg nie. Duinryery, weet ek, is net een manier : “revs” optel en storm! Maar die 4x4 wil nie “revs” optel nie.

Dus moet jy maar in donkierat “low range” en 'n gekerm wat ten hemele skreeu uitkruip (of kan 'n mens stadig storm?) en dan kom jy darem net net bo-op die duin (partyslae eers met die derde probeerslag), waar jy eers stilhou. En dis nog die lae duine wat darem effens begroei is! Bo-op die duin word die straat onder eers deeglik beskou met die verkykers. Waar ons aanvanklik eers nie wou skiet nie omdat ons bang was ons jaag dalk die gemsbokke weg, besluit ons gou om maar te skiet as ons springbokkramme kry. So kry ons elkeen ons springbok geskiet – almal so tussen 200 en 230 meter ver. Ons het gelukkig taamlik op 200 meter ge-oefen op die skietbaan voor die tyd en al die skote is doodskote. Sels Gerrit, wat in standerd vier is, skiet 'n pragtige skoot op meer as 200 meter. Ons is sommer trots op hom wat op 'n jong ouderdom al sulke mooi skote skiet. Mart-Mari wil nie springbok skiet nie – haar Pa het haar belowe sy kan 'n gemsbok skiet en sy is bang sy verbeur hierdie kans as sy 'n springbok skiet!

Die afryery teen die duin is partyslae nogal spannend, en Elmarie, wat nie mal is oor sulke afryery nie, raak naderhand senuagtig vir die petalje. Die senuagtigheid smeer af aan Elzet en gou-gou raak sy sommer taamlik bang vir die hoogtes. Maar sy weet darem Wie kan help – toe ons weer 'n slag teen 'n besonder steil duin afry, kom ek agter dat sy darem nou taamlik mak is vir die duin : sê sy toe vir my: “Toe maar Oom, ek het vir Liewe Jesus gebed en ons sal niks oorkom nie!” En ek moet sê, haar biddery het 'n paar kere goed vir ons gewerk, al het sy en Elmarie 'n slag of wat uitgeklim en afgeloop! Die probleem is natuurlik dat jy reguit moet duin-af – as jy skuins gaan, kan die bakkie maklik omslaan. Jy kan ook nie altyd voor jou sien nie, dit is soms so steil af dat die wêreld wegdraak onder die neus van die bakkie. En daar is party plekke sulke gate in die duin wat jou 'n slag of wat laat asem ophou. (Elmarie het die nag aanhoudend gedroom van die ryery duin-af – ek was die volgende oggend toe sy vertel half bang sy het dalk in die die nag Daan se handbriek vasgetrek)

Die gemsbokke bly wegkruip vir ons, en ons begin naderhand amper dink daar is nie sulke goed op die plaas nie. Toe Daan vir die gids vra of daar verlede jaar baie gejag is, sê hy “nee, glad nie gejag nie, maar hulle het veertig gemsbokke gevang – aangekeer met 4 wiel motorfietsse en met 'n bakkie en net gevang. Al die gemsbokke met die lang horings – hulle het net die groot trofeeë uitgesoek”, vertel hy. Daan raak sommer onmiddellik depressief, vir Wallie wil ons glad nie eers vertel nie – sy oë raak nog steeds glasig as ons praat oor daardie 42” gemsbokke wat ons gelos het by die ander jagplek – hy sal miskien nie hierdie nuus oorleef nie. Sien, Daan en Wallie is trofeejagters, ek is maar net biltongjagter, of liewer, vleisjagter, want ek kan net bekostig om óf slaghuisvleis te koop óf te jag – nie altwee nie. As ek jag, eet ek net wildsvleis tot dit op is.

Uiteindelik, later die middag, ry ons vir die hoeveelste keer tot bo-op 'n duin, en dan – een van die mooiste gesigte wat ek nog gesien het - 'n trop gemsbokke onder in die straat! Eers kan ons net kyk – dis 'n wonderlike gesig. Dan, wanneer Wallie en Daan die trofeediery identifiseer het, draf die gemsbokke lui-lui oor die duin en uit die gesig. Of ook nie heeltemal nie, want ons kan darem sien waarheen hulle op pad is. Ek en die gids begin bekruip en ek kom iets agter wat ons later nog meer kere sal ervaar – hierdie gidse is plaaswerkers, hulle ken die plaas en hulle kan baie goed sien, maar van jag weet hulle nie veel nie. Wanneer ek op my maag seil en naderhand tot agter 'n bos op die duinkruip, begin die gemsbokke skielik hardloop. En kan nie glo dat hulle my gesien het nie, maar as ek omkyk, verstaan ek sommer hoekom hulle gehardloop het : agter my sit die gids soos 'n stokstertmeerkat kierts-regop en kyk wanneer ek nou eendag gaan skiet! Nadat ons 'n rukklank gesoek het na die gemsboktrop, besluit ons om 'n ander taktiek te probeer – ek klim dus af naby die draad waar die gemsbokke volgens die spore gewoonlik deurkruip, en Daan en Wallie ry verder met die bakkie. Wallie vat 'n slag die 4x4 se stokke. Ek geniet die Kalahari stilte en natuurskoon terdeë waar ek agter 'n bossie sit en eers 'n slaggie pyp opsteek. Na 'n geruime tyd hoor ek 'n skoot klap en ek weet, as die gemsbokke dalk in hierdie rigting gaan hardloop, moet ek nou begin regsit. Na 'n rukkie van angstige aandag, kom nie die trop nie, maar 'n enkele koei oor die duin gedraf en kom staan so 'n drie honderd meter weg en kyk straat op in die rigting van waar sy waarskynlik die bakkie hoor. Dit lyk na 'n groot koei op hierdie afstand, maar skielik is daar 'n tikkie onsekerheid – hoeveel jagters het nie al na so 'n alleen gemsbok geskiet en nadat die bok lê, agtergekrom dat dit 'n gemsbokkalf is nie! (Gemsbokkalfers is mos in elke opsig skaalgetrou aan hulle groot broers en susters, sodat as jy nie kan vergelyk met ander nie, jy maklik 'n fout kan maak). Die koei draf nog nader en is taamlik onrustig – sy kyk straat op en lyk of sy daarheen wil beweeg – nie draad se kant toe nie. Ek skat die afstand om omtrent 200 meter. Sy staan skuins weg van my af.



vervolg vanaf bladsy 9

Ek korrel effens agter die blad, amper by die laaste rib en effens laag, om my hoek na die hart reg te kry, en maak seker van my skoot. Toe die skoot klap, swaai sy om en hardloop draad se kant toe. Sy haal nie die gat in die draad nie. By die draad slaan sy neer en ek kyk eers weg om nie so 'n mooi bok se doodstryd te aanskou nie. Ek besluit dus om eers af te tree hoe ver ek geskiet het voordat ek na die bok gaan kyk. Dis omtrent 230 meter en die 7x57, wat ek met 170 grein Pro-Amm punte en S335 kruit teen 'n spoed van 2450 vt/s laai, het sy werk goed gedoen. Wanneer ek terugstap na die gemsbok, kom die 4x4 ook oor die duin gesukkel en ons kom gelyk by die bok aan.

Dis 'n pragtige gemsbok met 'n allemintige stel horings. Maar dan kom die antiklimaks

Dis 'n pragtige gemsbok met 'n allemintige stel horings. Maar dan kom die antiklimaks – Daan het 'n gemsbok gekwes (te hoog geskiet) en, omdat hierdie gemsbok alleen hierheen gehardloop het, vermoed hulle dat dit dalk sy gemsbok kan wees. Omdat daar geen skoot hoog op die blad is nie, vra Daan of hy 'n stuk vel kan slag op die trofee slaglyn (langs die maanhaar) om te kyk of daar 'n skoot in is. Ek voel maar effens bekaf, maar as dit Daan se bok is, is dit darem tog 'n geluk dat ons haar gekry het. Maar terwyl Daan nog soek, het Wallie al gesien wat hy wou gesien het en wens my geluk. Ek voel jammer vir Daan as hy my later ook gelukwens, 'n kwesbok is nooit lekker nie. Maar dan, 'n jagter wat nog nie gekwes het nie, het seker nog nie baie gejag nie. Wanneer Daan later die horings meet, meet dit amper 44"! Ek is taamlik in my noppies, maar die twee trofeejagters wil omtrent nie met my daaroor praat nie – vir amper 'n week lank! Wallie karring so oor die onregverdigheid dat 'n biltongjagter so 'n trofee moet skiet, dat ek naderhand vir hom vra: "Nou Wallie, watwou jy hê moes ek doen – haar los omdat sy sulke groot horings het?"

Nadat ons die pens uitgehaal het en die bok opgelaai het, laat ons vir Wallie agter en ry om Daan se gemsbok te gaan soek. Ons spandeer die hele middag op die gemsbok se spoor. Die gemsbokke, lyk dit, is op pad na die volgende kamp waar daar ook 'n deurkruipplek is. Uiteindelik spoor ons hulle weer op, en Daan kry weer 'n baie vinnige skoot op die gekwete gemsbok in die hardloop. Maar die hele trop is weer vort. Ag, wat sou ons nie gee vir 'n goeie spoorsnyer nie! Naderhand is dit baie laat en ons sukkel maar weer terug deur die duine om vir Wallie te gaan oplaai. Wallie het ook 'n mooi gemsbok geskiet, 'n raps onder 40". Hy lyk nie baie bly nie – dit moet seker my gemsbok wees wat hom so omkrap, want hy skud net sy kop en sê dis seker al die vierde gemsbok wat hy skiet wat dit net-net nie maak vir Rowland Ward nie!

Dit word weer 'n laat aand. Wallie word weer by die kamp afgelaai en ek en Daan ry met twee bakkies na oom Elias se huis toe, sodat ons met sy bakkie kan gaan petrol koop op Ashkam terwyl die manne die 4x4 aflaai en slag. Ja, die 4x4 is so dors soos 'n babbelas ou wat hoogsomer 'n staptog deur die Kalahari onderneem. Wanneer ons uiteindelik weer by die kamp aankom met 80 liter petrol en 'n spoorsnyer op die bak, is dit amper elfuur in die nag. Dit krap natuurlik vir Daan en Wallie om dat ek nie eers die gemsbok trofee geslag het nie, maar hierdie biltongjagter het nie op so 'n laat stadium van die nag nog daarvoor kans gesien nie!

Wanneer ons klaar geëet het, sien ek Daan voel nie baie lekker oor die gemsbok wat nog lewers in die duine met 'n seer lyf rondsukkel nie. My ou maat is sommer baie depressief. Ek probeer hom bietjie opbeur deur grappies daaroor te maak – so oor sy skietvernuf en kennis van die vitale organe en so – dat die man net 'n slag kan lag en beter voel! Maar dis natuurlik 'n fout, soos baie jagters jou ook uit dure ondervinding sal kan vertel. Mens spot NOOIT met 'n ander ou wat 'n fout gemaak het nie – dan kom jy dit baie gou self oor! En sommer net die volgende dag

Douvoordag is ons weer op die gemsboktrop se spoor. Ons probeer vasstel of die gekwete bok nog in die trop is, maar dis maar bra onmoontlik. Wallie en Elzet besluit om af te klim en te kyk vir dalk nog 'n (groter) gemsbok of dan 'n springbok. Dus laai ons hulle weer by die draad af en ry verder. Dit lyk of 'n deel van die trop deur die draad is en 'n ander deel verder die kamp in is. Ons sukkel 'n paar keer deur die duine en kom naderhand by die anderkant van die kamp aan, waar ons sien dat die gemsbokke deur die draad is na die volgende kamp. Ek wil hê ons moet die draad platdruk en bo-oor ry, maar die gidse lag net vir my – hulle verstaan nie wat hierdie man nou probeer sê nie – dink seker ek is bietjie laf in die kop. Maar nou ja, hulle stoel ook nie heeldag met 'n 4x4 wat nie eintlik kan 4x4 nie, en ons sukkel weer verder om by die hek te kom.

Die volgende kamp laat ons besluit dat die vorige kamp se duine nog baie het om te leer – sommer die eerste duin al kom ons nie oor nie – na vier probeerslae. Dit lyk komplete of die 4x4 sy vorige onvermoë wil oortref, of kan 'n mens dalk sê *ondertref*. Ons kom om die dood net nie oor hierdie hoë, los duine nie. Ons moet telkens ver ente ry om 'n laer plek met bietjie gras op, te soek om oor te gaan. Ek begin al wonder hoeveel dit sal kos om my blou Landcruiser met 'n helikopter in te vlieg! En die gemsbokke bly weg. Uiteindelik, as ons 'n besonder moeilike duin naderhand tot bo uitgesukkel het, sien ons amper 'n kilometer straat-af, die gemsbokke teen die volgende kampdraad wei. Daan en die gidse klim af, en begin met 'n ompad soontoe loop. Die gidse wou eers sommer reguit in die straat af na die gemsbokke toe loop, en dit kos ooreedingsvermoë van Daan om te beduie dat mens hulle van agter die duin moet bekruip! Miskien moet oom Elias dalk sy gidse vir 'n junior I kursus na BJV stuur dat ons hulle kan leer wat jag is! Later, deur die verkyker, sien ek die gidse se kop waar hy soos 'n meerkaat regop sit en kyk bo-op die duin naby die gemsbokke. Ek sien nie vir Daan nie, hy lê of sit seker agter dekking, maar dan klap die skoot! Daan hulle is duin af agter die gemsbokke aan en die volgende duin oor. Ons besluit om maar eers te wag. Dan klap daar nog 'n skoot. Later fluit iemand en ons ry nader. Daan het 'n baie mooi gemsbok geskiet. Hy sê dat hy na die eerste gemsbok wat hy gekwes het, liewers nog 'n skoot geskiet het om doodseker te maak hierdie bok lê! Na die gelukwense en foto's, haal ons pens uit en laai op. Daan het baie mooi gekyk en kon nie die gekwete gemsbok in die trop gewaar nie. Die horings van hierdie gemsbok het later omtrent 40 en 'n driekwart duim gemeet. Ons ry terug na Wallie toe, hierdie keer wys ek hulle hoe 'n mens 'n draad platdruk en oor hom ry, want ek is nie lus om met ou sukkel-4x4 weer oor al die duine om te ry hek toe nie!

Wallie is al boos toe ons daar stilhou – hy dog ons het van hom vergeet. In die koelte by hom lê 'n springbok wat hy geskiet het – hy sê hierdie Kalahari springbokke verstaan seker nie babataal nie, want Elzet wou nie ophou gesels nie en tog het die springbokke hulle nie daaraan gesteur nie.

Ons ry nou eers terug opstal toe, want die ander gemsboktrop is in 'n ander kamp naby die huis en Mart-Mari wil ook nog graag 'n gemsbok skiet. Elzette ry saam met Daan se bakkie na die slag- en vleiskamer, sodat sy, soos enige jagter se goeie vrou natuurlik behoort te doen, al Daan en Gerrit se bokke kan verwerk en biltong sny. Ons gidse bly agter om te help slag, en net die spoorsnyer gaan saam. Hy laat ons verby die kamp ry waar ons verstaan het die gemsbokke bly, en toe ons later begin sekerheid kry dat ons wel in die verkeerde kamp is, is die detente nogal van 'n warm aard, want dit raak al taamlik laat. Ek wil ook nog 'n springbok skiet, en toe ons weer een sien, is dit my beurt om te skiet. Toe die sneller al begin afgaan, voel ek hoe ek die geweer trek, maar ek kan nie meer stop nie. Daardie skoot is nie lekker nie, sê ek vir Wallie, maar die bok val tog. Dan spring hy weer op en my haastige tweede skoot is mis. Daar trek die springbok – dit lyk of ek sy been hoog bo afgeskiet het. Nou ja, daar het jy dit nou – ek wou mos spot met 'n man wat gekwes het!

Ek en die spoorsnyer klim af om die bok te probeer opspoor, en nadat die ander 'n tweede draai by ons gemaak het met die 4x4, sê hulle dat hulle die gemsbokke maar gaan probeer soek en dat hulle my later sal kom haal. Ek en Daan het elkeen 'n GPS, en ons sal die selfone aansit (bo-op die duine kry mens nogal ontvangs), so ons be-oog om die tegnologie 'n slag in die jagveld te gebruik! Die gesoek na die springbok word 'n gesukkel. Daar is so baie spore dat ons telkens 'n ent ver op 'n verkeerde spoor loop. Dan gaan ons maar weer elke keer terug nawaar ons die laaste keer bloed gekry het. Ek loop tot bo-op elke duin om met die verkyker te soek of ek nie die springbok sien nie. Ek sien baie springbokke, maar nie die gekwete een nie. Dis opmerklik hoe mak die springbokke is as daar nie 'n bakkie naby is nie – hierdie bokke *ken* 'n bakkie, lyk dit my! As dit al amper skemer begin raak, fluit die spoorsnyer vir my en is ons eindelijk weer op die regte spoor. Die springbok het seker onder 'n bos gaan lê, want sy spoor gaan deur 'n gedeelte van 'n straat wat ek baie deeglik met die verkyker bekry het. Dan sien ons die bok! Ons hardloop agter hom aan teen die duin op, en meer gewoond aan die plat wêreld van die bosveld waar ek gewoonlik jag, blaas my asem maar taamlik toe ek bo kom. Dan sien ek die bok waar hy staan – 'n ver skoot vir 'n bewegige jagter! As die leser hierdie verskonings aanvaar wil ek maar liewers nie verder uitwei oor hierdie skoot nie....

Hy hardloop weer, en ons agterna. Dan sien ek hom weer agter 'n bos staan en my skoot tref darem gelukkig, maar weer nie 'n doodskoot nie – dis te ver en uit die vuis uit en ek haal ASEM! Wanneer ek die slot ooptrek, is die magasyn leeg. Ek voel in my geldsakkie vir die die twee patrone wat ek altyd daar bêre – maar dis leeg!

vervolg na bladsy 11



vervolg van bladsy 10

Ek voel in my geldsakkie vir die twee patrone wat ek altyd daar bêre – maar dis leeg! Ek moes dit een of ander tyd uitgehaal het! Nou soek ek naarsstiglik na patrone in my sakke, want ek kan sien dat daardie bok waarskynlik sal vrek, maar dalk nie voor donker nie. Ek skeur amper my hemsak af, want ek voel 'n patroon onder die verkyker in die sak en die blêddie ding pas so styf in my sak dat ek hom nie vinnig genoeg kan uitkry nie. Uiteindelik het ek darem die patroon – die laaste een, dit is seker. Nou MOET ek raaskiet! Ek hardloop tot by 'n struikboompie voor my, en met my dooierus skoot is die roemlose slagting uiteindelik verby. Ek moet erken ek het maar lank gewik en geweeg of ek met hierdie storie by die waarheid moes bly, maar nouja, eerder die waarheid as wat Daan en Wallie dalk hulle eie weergawes van hierdie storie die rondte laat doen en hulle voel juis nie baie lekker oor my trofeebok nie Nou ja, nou het ek met hierdie petalje 'n jarelange een-skoot-per-bok rekord verbreek – dit sal my leer om nie met 'n ander man se foute te spot nie!

Dit is nou al sterk skemer, en van Daan en Wallie en die 4x4 is daar geen teken of geluid nie. Ek bel met die selfoon en gelukkig het hulle toe ook sein. Ek sê dis reg, kom haal my! Wallie sê, "nee, ons is baie ver van jou af, dit was te ver om oor die duine terug te sukkel voor donker en ons trek nou naby die kamp". Ek dog eers hy grap, maar kom gou agter, die man is ernstig! En ons is ver van alles af! Nou ja, daar is net een raad – voetsaam na die pad tussen die kamp en die huis!

Die manne van die duine ken van sand trap. Met springbok en al loop die spoorsnyer vir my weg teen die duine op. Afdraande haal ek hom bietjie in, en ek kry skaam dat ek nie kan byhou nie. Dan troos ek my daaraan dat ek darem al vyftig is en hy seker nog nie vyf-en-twintig nie, en hy loop daaglik in die duine. Dit is al goed donker toe ons na die sesde duin-en-straat en die tweede kampdraad uiteindelik by die pad aankom waar ons kan rus en vir die ander manne wag. So het ons jag tot 'n einde gekom. Ek en Daan moes natuurlik eers weer Ashkam toe ry met die 4x4 om dit vol petrol te maak, nie dat dit baie gehelp het nie, want toe ons terug op die plaas is, het die tenk al weer beduidend gesak. Maar ons was gelukkig – met ons bokke, die wonderlike Kalahariwêreld en die mense daar. Ons was gelukkig dat ons al ons gemsbokke en 'n paar van die springbokke te voet kon gejaag het. Ek was bly dat ek nie 'n seer kwesbok op die veld agtergelaat het nie, maak nie saak hoeveel skote ek geskiet het nie! (Ek het vir oom Elias gesê hy moes my eintlik vir daardie springbok dubbel laat betaal vir al die skote wat ek op hom geskiet het, maar die goeie oom het net vir my gelag.)

Die volgende oggend ligdag het ons vertrek – ek het vooruit gery nadat ek die 4x4 vier se wiele gepomp het om bietjie 'n voorsprong te kry terwyl Daan en Wallie die vleis laai en ook hulle bakkies se wiele pomp. Ons het Sondag deurgery tot op Tzaneen en laat hier aangekom. Ek sal graag weer wil gaan – Kalahari toe – maar dan wil ek al my bokke op my eie twee voete jag en ek wil daai blêddie gehuurde 4x4 nooit weer sien nie!

FOOITJIES, FIKSIE OF FEITE.

Deur Rudie van Wyk

Daar word mos gesê dat 'n man net twee dinge moet doen. Hy moet eet en hy moet sy maag laat werk. Dit is darem snaaks dat jy jou gat vinnig op 'n krul kan trek as iemand vir jou laat weet jy moet iets doen. Met die jagtery is dit ook mos so. 'n Man moet jag. Hoekom? Want dit is lekker. Dit klink heel eenvoudig, maar eintlik is dit redelik ingewikkeld. Daar is soveel faktore wat saamvleg om die jag 'n sukses te maak, dat die lekker eintlik 'n lang beplanningsfase in beslag neem.

Seker die belangrikste faktor in die beplanningsfase is natuurlik die finansies. As die roer spoeg en die bokkie ry bakkie moet die note in die hemsak wees. Ongelukkig werk die fabriek nie so dat jy 'n vleisie op "appro" kan saamneem nie. As die dollars op die kombuistafel in hopies voor die jag gepak word, werk die pen en papier oortyd. Dit kan gejaag word en dit kan nie gejaag word nie. Dit gaan saam en dit bly. Dié pakkie is vir die bakkie se brandstof en dié pakkie is vir die bestuurder se brandstof. Die meel, uie en tamaties kry ook hulle pakkie note, net effens kleiner as die brandstof pakkies s'n.

Met die bespreek van die jag word die eienaar gewoonlik verwittig van watter bokkie op die bakkie gaan ry en watter bokkie nie van die note in die hemsak gaan nuttig nie. As die jag eers begin skroef was draai en die koelkamer se motors werk oortyd dan word daar weer beplan en uitgewerk.

Die koedoeulle is volop en die kurktrekkers lank. Miskien net gou vir mammië bel dat sy die man met die potloodsnor en lang das se arm gaan draai vir 'n paar ekstra skille.

Wat egter agterwee gelaat word is dat die jagter en sy gids soos "battery en torch" is. 'n Goeie span sit altyd getalle op die telbord. Die jagseisoen trek vir dié manne lang kole. Dit is vir vier of vyf maande van die jaar opstaan voor die mossies blase leegmaak en lank nadat die hoenders die stelasië bestyg, het katel toe. Die jagter moet skiet en die bokke verwerk word. Velle gesout en die slagarea skoongemaak word voor môre se nuwe bloedsplatsels.

Miskien kan daar gevra word wat die sukses syfer sou wees indien ons sonder gidse sou gejaag het. Sou die telbord dieselfde telling op gehad het. Heel waarskynlik sou die telling heelwat laer wees, en die dooie bokkie sou heelwat later opgelaai geword het. Die bos lyk mos al die plekke heeltemal eenders. Die naaste wat ons aan rigting hou kom is om die afstand beheer van die televisie in die rigting van die skerm te rig.

As daar in 'n restaurant geëet word, word die kelner gewoonlik 'n nootjie of twee gegee vir 'n diens gelewer vir 'n uur of drie. Hoe vriendeliker en flukser die kelner, hoe donkerder die noot. Om nie eers te praat van die pleisterwerk nie. Hoe beter die afwerking hoe groter die nootjie. Die gids wat van ligdag tot laat nag bakstaan om sy kliënt te laat vinger trek en die morsvleis van die patrone weg te sny word meestal agter weë gelaat.

Besit ons werklik die vermoë om 'n bok op sy eie terrein uit te oorlê. Kan ons rekenaarskerm oë die gekamoeleerde bok eerste raak sien voor dit op vlug slaan? Die bos se paadjies en gangetjies het nie straatname met nommers nie. Kan daar rigting gehou word sonder om te verdwaal? Weet ons werklik wat is die bok se reaksie wanneer dit raakgeskiet word? Wanneer is 'n misskoot mis en wanneer is 'n misskoot raak? So kan die vroeë aanmekeer treinspoor gelê word.

Die misskote wat so deur die bosse fluit om die bome te snoei en die gras te verplant is die direkte oorsaak van die vier duim agter die kolf.

Die gids daarenteen is 'n kenner op sy gebied. Dit word jaarliks sy daaglikse bestaan om bokke uit te wys en spoor te vat. Die misskote wat so deur die bosse fluit om die bome te snoei en die gras te verplant is die direkte oorsaak van die vier duim agter die kolf. Die gids het sy werk gedoen, jou gewys waar die bok staan. Die berekeninge oor die distansie of obstakles voor die loop is aan die jagter oorgegee. Skootplasing word deur die teleskoop bepaal. Die skoot is gevuur, 'n bokkie skrik sy blaas leeg en die gids begin die dambord spel weer by blokkie een. Daar word nie gekritiseer of geblameer nie. Daar word eerder op die grond gesoek vir 'n moontlike kwes skoot voordat die volgende poging vir die skut op die skinkbord aan gebied word. Wat is die gids dan swakker af as die kelner by die restaurant.

Met 'n voetfoutjie in die veld waar die rooi kolletjies op die grond lê, en die bokkie by die volgende halte wag voor dit sal saamry, is dit weer die gids wat die brandsels uit die pot krap. Die spoor word gevolg en met versigtigheid genader terwyl die oë fokus, en konsentreer om die jagter se gemoedstoestand te laat verbeter. Word die bokkie gekry na ure op die spoor, is die verligting duidelik sigbaar. Die aand om die vuur word die vermoë van die gids opgeblaas en bly die krediet vergete in die lug hang.

'n Gids wat sy sout werd is wys jou op die fynere punte van die natuur, en probeer jou gedagtes prikkel om te fokus op dit wat vir jou saak maak. Nie al die gidse kan oor dieselfde kam geskeer word nie. Daar is minder goeies maar ook beter as die gemiddelde, wat poog om die jagter die beste geleentheid moontlik in die bos te gee. Die van ons wat so bevoorreg is om jou vermoë in 'n jagarea op eie houtjie te toets moet dalk 'n groot dankie sê. Deur 'n volwasse optrede bly 'n jagter se voortvarendhede maklik in die geheue agter.

Die spreekwoord sê "skoemaker hou jou by jou lees". Gee die skoemaker tenminste erkenning vir sy vakmanskap en sy werk wat gelewer is. Die skoene dra beter en hulle hou ook langer.



Photo Gallery



Bines Schoeman met sy luiperd



Piet Smit met 'n Oos Afrika Rooibok



Karien vd Merwe met 'n koedoe



Neels Mulder jr. met sy rooibok



Piet Smit met 'n Suidelike Bohor Rietbok



Pa Neels Mulder met sy rooibok



Piet Smit met 'n Kirks Dik-Dik



Michael Rademeyer met Springbokke in Vosburg



Stephan Fourie met 'n Waterbok





Multirama Wapens

GROBLERSTRAAT 24
PIETERSBURG
TEL : (015) 295 2955
FAKS : (015) 295 2296
E-MAIL: matoppi@mweb.co.za



Teleskope en verkykers

Lynx, Leopold, Swarovski en Ultra optic. - Ons waarborg die laagste pryse. Bel ons vir 'n kwotasie



Highland AX ammunissie

20% goedkoper as plaaslike ammo



Ons neem afskeid

Dit was 'n voorreg en baie aangenaam om by die BJV te kon werk.

My eerste week by BJV hoor ek die manne praat van kuip, en ek dink by myself wat het "dje Cape" nou met jag uit te waai. Dis toe dat ek besluit om die Bekwaamheids toets af te lê, sodat ek ook weet ,*vaaroor dit gaan, want ek is te skaam om te vra. Ek skryf toe die toets en slaag nogal Cum Laude.* Oor die skiettoets wil ek nie te veel sê nie, behalwe dat ek 'n hele paar keer moes skiet voordat ek met 'n balkje kan spog.

Met al die teorie nou afgehandel wou ek toe ook 'n bok gaan jag en kry toe 'n geleentheid om net anderkant Alldays 'n rooibok te gaan skiet. Die hele Saterdag loop ek en soek, kry baie koedoespore manniks van 'n rooibok nie. Sondagoggend 06H30 (my oë nog nie mooi oop nie) toe staan daar 'n rooibokram lynreg voor my. Die gids por my aan "Miesies skiet -Miesies skjet". Ek wil nog dink aan al dje goeters wat ek in die Chasa lesing geleer het van skoot.plasjng en so aan, maar daar was nie tyd nie -die rammetjie raak onrustig en ek skiet - Daar val hy en ek raak emosioneel, my eerste bok raakgeskiet met my eerste skoot. Toe die adrenalin bedaar, besef ek, ek is 'n jagter en die "gogga het my klaar gebyt". Sonder BJV sou ek dit nooit gedoen, geleer of ervaar het nie.

Iemand sê nou die dag vir my dat BJV amper soos 'n famieliebesigheid is, en dit is ook so. Ek het lie geword vir die mense -Bestuur en lede. Julle sal my nog sien op skjetdae, ek is mos nog 'n familielid.

Aan die Uitvoerende Bestuur wil ek sê baie dankie vir die lekker saam werk. Julle het altyd mooi na my gekyk. Oom Fred (Dankie vir die bel) en André ("Yes BJV" as die telefoon geantwoord word) julle doen 'n "great job." Baie sterkte vir julle almal. Mag B.JV net aanhou groei.

Mandy



Mandy met haar eerste rooibokram - sy moes skynbaar die tradisionele ook eet.

PAPIER SKIETERS, BOKSKIETERS EN JAGTERS.

Deur Rudie van Wyk

In die mens se hele lewensbestaan word jy in kategorieë geplaas. Sekeres van ons met die ingevoerde vier trek voertuie word outomaties in 'n meer subtiel klas as die manne met die klein Japanse bakkies geplaas. Die uiterlike stel gewoonlik ten toon hoe groot die hoop in die bank is. Menige male is dit egter die teenoorgestelde, want die glimlag op die gesig van die drywer van die ingevoerde voertuig is eerder hongerpyn as vreude oor die dik bankbalans. So word die eienaars van gewere ook in klasse geplaas, van oorkant die spoor tot in die bo-dorp.

Die klassifisering van jagters begin gewoonlik by die opsit van die oorbeskermers op die skietbaan. Die roer, blink sonder enige tekens van verwerking, van langure in die bos spandeer, word uit 'n olifant vel oortrekte jas gemaal.

Die periskoop, 'n teleskoop vergroot te min, bo op die geweer kan seker tot die windspoed bepaal. Ingevoerde ammunisie wat so gebalanseer is dat dit vanself regskeer in die magasyn word een vir in geisoleerde gelid gepak. As die skote klap sit die klawers op die papier. Met selfvoldoening word daar dan terug gesit om die ander skuts geamuseerd dop te hou terwyl die wange skuif en skoffel op die kolwe.

Neem nou vir meneer selfvertrou en sit hom in die bos. Opdrag een. Skiet 'n bok. Dit is hier waar die watertenk van die stelasië af val. Die eerste probleem wat opduik is dat die teiken nie stilstaan nie. Dit beweeg, draai, loop, vreet en nege uit die tien keer hardloop dit weg voordat die geweerband die skouer kon verlaat. Die roer wat gewoonlik sy lê op die sandsakkies kry speel "packman" op die bok. Die kruishare speel kat en muis oor die hele lyf van die bok. Asemhaling en drukking van die sneller op die baan het tweede natuur geword. Maar om asemhaling en drukking op die sneller te beheer as die koedoe met 'n paar el kurktrekkers voor jou inbeweeg, is heel onmoontlik. Sweet perel op die voorkop, die asemhaling is so hortend dat dit elke keer die teleskoop laat toe wasem as die kop op gepluk word om te sien of die bul nog daar is. Dan word die skoot gevuur! Verdwaas ruk die bul sy kop op en kyk in die rigting van waar die skut die dop uit die kamer pluk en die volgende rondte saam met die lê dop weer in die kamer in probeer wurre. Met 'n wit kwas wat totsiens wapper verwyd hy tussen die takke. Demmit!

Intenstelling met die bewerasie word die netjies gestrykte camo's aangetrek en die oprygstewels tot skuins onderkant die knieë vas getrek. Het jy al gevoel hoe hard slaan 'n bakkie se kant jou enkels as jy op hom klim. Om die nek hang 'n verkyker wat lyk soos 'n wasbak se twee dreinpyppe. Reg om ver te kan sien. Die yster met 'n variable om die bokkie tot by die stoep muur te bring se lensse word skoon gemaak en die dik doppe met die klein puntjies word versigtig in die magasyn gedruk. "Raait, start ons kan maar ry!"

"Bietjie vorentoe, nog bietjie, raait sit af". Die skoot klap die bokkie tol draf 'n paar tree en sak neer in die gras. Met sy arm op die stoel se rugleuning beduie hy hoe daar gelaai moet word. "Kom kerels, gat roer, ons moet ry. Ek wil voor agt tenminste tien sulkes op die bakkie hê. Die volgende een moet net langer horings hê. Die trofee kompetisie is om die draai. Magtag maar ons jag lekker, die bokke is vet die wind sny nie so erg deur jou gemartelde lyf agter op die bakkie nie. Net jammer die veld is effens klipperig ons kan nie lekker diesel gooi as die bokke versit nie.

Stadig afgemete en met oë al soekend trap die verslete velskoene versigtig op die roesbruin mopanie blare. Met die windjie wat effens stoot voel hy die byt in die oggend luggie. Die geritsel van die blare verbreek die sagte geknars van droë blare onder sy skoene. Hy weet hulle is naby. Die nat mis was nog lou tussen sy vinners toe hy buk waar die koedoes gemis het. Skierlik gaan staan hy, 'n klompie tarentale begin waarskuwend harder tjirp. Hy sak stadig op sy hurke en met die kolf rustend op die grond wag hy totdat die boshoenders rustig raak en verder weg begin wei. Die koedoes moet net nie nou onrustig begin raak nie.

Versigtig haal hy sy verbleikte hoed van sy kop af en druk dit voor in sy hemp in. uitersversigtig begin hy vorentoe beweeg. Stap twee drie tree wag en luister. Volgens die spore op die grond is hulle besig om te wei. Dit is effens tot sy geluk. Met die vreet van die bokke raas die diere meer as wanneer hulle staan en word die knars van blare nie sommer gehoor nie. Hy staan weer stil om te luister. Hy het reg gehoor. Links voor hom het hy 'n takkie gehoor breek. Dit moet 'n bul wees, wat sy horings gebruik om vreetbare materiaal te bekom.

Versigtig sak hy weer op sy knieë. Met sy een hand op die grond en die ander wat die geweer vertikaal in die lug hou buig hy verder omlaag om tussen die takke vir die mosterd kleurige bene met die swart sokkies te kyk. 'n Beweging vang sy oog. Versigtig sak hy op sy pens neer. Veertig tree voor hom sien hy die ronding van 'n boud en die sekel van 'n hakskeen tussen die mopanie stamme uitsteek. Hy verskuif sy geweer tot in sy skouer en soek vir die teiken. Die bul beweeg een tree vorentoe swenk sy kop effens na kinks om 'n rooibos tak met 'n paar weerbarstige blare nader te breek. Die nek bol en bult van die soepel spiere. Sy wysvinger knyp toe, met 'n knak van sy voorbene val die bul skuins teen die mopanie bosse in. Versigtig herlaai hy sy geweer weer, sy oë vas genaël op die bul. Die koeie skrik van die slag maal verward en kyk die bul groot oog aan wat nie saam wil vlug nie. Dan bars en breek die takke soos gespanne senuwees die koeie laat spaander. Versigtig stap hy nader bekyk die bul met eerbied aan, ontlai sy geweer en begin aanstap kamp toe.

vervolg na bladsy 15



Enige persoon kan 'n sneller trek, druk pluk of wat jy dit ook al wil noem. Dit hang egter van jou as persoon af van hoe jy jou vleis wil bekom. Deur jouself teen oor die bos as 'n indringer wil toets of 'n bakkie vrag voor ontbyt dit is jou eie besluit in welke klas jy jouself kategoriseer. Daar is 'n groot verskil tussen teikenskiet en jag. Teikenskiet uit 'n skietbank of 'n bakkie bank is so naby soos botter en margarien aan mekaar. Maar om 'n toon in die bos te trap en al jou eie, plus opgeleesde kennis reg te probeer interpreteer om vleis op die tafel te kry wil gedoen wees.

Miskien moet ons eerlik aan ons self kan wees en teenoor jouself kan erken, dat die biltong in die garage of die horing by die trofee kompetisie, werklik waar my vermoë tot die uiterste beproef het. Het ek hom eerlik waar gejaag deur sy gebied op eie houtjie binne te dring en hom uit te oorlê. Of was dit mensgemaakte hulpmiddele waaraan ek my sukses kan toeskryf. Dit is die vraag wat net jy teenoor jouself kan antwoord.

'N NUWE ITEM VIR SKIET-DAE: "INFORMELE BENCHREST". *deur PAUL ROBLER*

Ek sal graag lede se gevoel wil toets oor die moontlikheid van meer gereelde "benchrest" kompetisies. Die Pro-Amm skietdae wat van tyd tot tyd gehou word is baie gewild, maar het 'n paar nadele. Dis te ongeregeld, en natuurlik wil mens ook graag wys wat jou eie ladings kan doen. Plus een groepering is miskien nie altyd 'n goeie aanduiding van wat 'n skut / geweer kombinasie konsekwent kan doen nie. Ek sal dus graag wil hoor hoe lede voel oor kompetisies waar ons byvoorbeeld 3 of 4 groeperings van 3 skote elk, op 100m, van 'n skiettafel af skiet. Iets verwant aan "benchrest shooting", maar op 'n meer informele basis, en waarskynlik met meer beskeie toerusting. (Formele "Benchrest shooting" is baie gewild elders, maar ek dink nie daar is genoeg belangstelling of 6mm PPCs in ons wereld om op groot skaal kompetisie te hou nie).

Die voordeel is natuurlik dat almal moet tog in elk geval hulle teleskope moet instel of nagaan vir die jagseisoen – mens kan dit dan net-so-wel doen as deel van 'n kompetisie of sosiale skietdag. Moet ook nie vergeet dat dit 'n lekker manier sal wees om 'n "aktiewe lid" onder die nuwe wapenwet te bly nie.

Daar kan natuurlik baie gepraat word oor kategorie ens. Is dit regverdig dat diegende met Vrystaatse konneksies en swaarloop 270s en 300s skiet teen bosvelders met ligte-loop 7x57's? En wat van "varminters"? Ek dink egter nie ons moet die konsep kelder deur nou al tegnies te raak nie. Kom ons begin maar met net aan kategorie vir almal, of hoogstens 'n skeiding tussen 22 senterslag kalibers en die res. Later kan mens kyk sê gewere bo en onder 9 of 10lb, teleskoop vergroting, ens.

Die belangrike vertrekpunt op hierdie stadium is eers om te hoor hoe groot die belangstelling is. Ons kan begin met 'n tak skietdag (Pietersburg), en dit dan uitbrei na 'n uitdaging / uitnodiging aan 'n ander tak. As jy dus belangstel, bel my asseblief by

(015) 268-3145 (kantoor) of 084 602 2748.

BJV by die AIM SHOOTERS SHOW

deur Kobus

Joubert

Vir die eerste keer was die BJV verteenwoordig by die Aim Shooters Show by Kyalami in Johannesburg. Die skou, wat 'n jaarlikse instelling is, het plaasgevind vanaf 5 tot 7 Maart '04. Daar was 'n totaal van 154 uitstallers en ons het ons plek met trots vol gestaan.

Dit was verbasend hoe baie mense onder die indruk verkeer dat die BJV 'n tak van 'n meer bekende vereniging is. Nog minder weet hulle dat daar nog sowat 13 ander soortgelyke verenigings is wat onafhanklik funksioneer. Die jagters wat wel weet wat en wie CHASA is, is onbewus van die onlangse gebeure. Dit laat mens besef dat daar werk is om te doen. Dit is ons plig om die gemeenskap in te lig oor die BJV en ook dat die BJV 'n onafhanklike en volwaardige bestaansreg het.

Die inskrywings by die skou self was nie baie nie, maar ons het sowat 2000 inligtings brosjure en aansoek vorms uitgegee. Oom Fred Mulders het die eerste nuwe lid, nogal 'n bekende oud rugbyspeler, ingeskryf. Ons verwag dat die werklike sukses eers in die volgende paar weke gesien sal word. Die blootstelling alleen was die moeite werd. Die rooibokbul trofee, (dit is mos) wat ons van Pietersburg ingevoer het het baie aandag getrek en dan ook die geleentheid gebied om met die mense te gesels.

Die res van die skou was baie interessant. Noodloos om te sê dat jy maklik perspektief kan verloor tussen al die mooi goed. Jy kry skielik 'n dringindheid vir 'n nuwe teleskoop, of GPS, daardie nuwe Camo klere, die elektroniese skaal ens. Jy en jou bankbestuurder raak, uit nood gebore, die beste jagmaats, en die kredietkaart nou ja.

Dankie vir amal wat gehelp het met die reëlings en die bemanning van die stalletjie, en ook al ons lede wat kom groet het, dit was lekker om jul daar te sien.

"CLASSIFIEDS"

Slegs R25-00 om te adverteer in hierdie spasio
(Maksimum 35 woorde)
Kontak vir Christine by
(015) 2915923

AMSONS HARDWARE GROOT UITVERKOPING

Alle baddens, wasbakke, toilette, Cobra krane, loodgietry min 30% Voorraad beperk!!

Vir al jou hardeware, gas & buitelig benodighede. Kom sien ons by:
Pretoriusstraat 60,
Potgietersrus/Mokopane





Karien vd Merwe met 'n springbok



So sny mens 'n 25½" ram se keel af.
Johan met pa Stephan se knypkop



Piet Smit met 'n Buffel



Stephan met 'n koedoebul



Stephan met 'n sobord



Michael met 'n Rooibok



Bines Schoeman met 'n Lichtenstein
Hartbees



Piet Smit met 'n Cokes Hartbees



ONS JAG IN DIE VALLEI.VOORWOORD.

Wanneer 'n mens iets baie besonders ervaar, wil jy graag twee dinge daarmee doen. Jy wil dit bewaar en jy wil dit deel met die wat na aan jou is.

Vandaar dan hierdie aantekeninge oor ons onlangse besoek aan die Zambezivallei. Vir my was dit 'n ervaring van 'n leeftyd. Ons geselskap het bestaan uit Gideon Holtzhausen, Jo Hoogenboezem, sy seun Hans Hoogenboezem en ekself. Die doel van ons besoek aan hierdie pragtige gebied in Zimbabwe was om te jag. Die safari het geduur van 23 Julie tot 6 Augustus 1990, maar ons het tot die tiende Augustus in Zimbabwe deurgebring. Hierdie aantekeninge is noodwendig subjektief omdat dit net my waarnemings en vertolking bevat. Nietemin vertrou ek dat dit 'n redelike getroue weergawe is van die baie dinge wat binne die bestek van 19 dae gebeur het.

Corné Nagel
DENDRON.

Maandagoggend, 23 Julie 1990.

Fritz, ons getroue wekkertjie wat aan slaaploosheid ly, maak ons presies om 02.30 wakker. Die hele gesin ry saam om my by Gideon te gaan afsien. Om 03.30 vertrek ons van daar met die volgepakte Land Cruiser en sleepwa. Dit is 'n swaar vrag, want alle lewensmiddele, kamptoerusting en noodtoerusting vir die byna drie weke-lange jagsafari moet saam. 'n Halfuur later ontmoet ons vir oom Jo en Hans op Vivo. Hulle reis in 'n Hilux bakkie met 'n dubbellasleepwa wat ewe swaar gelaai is. Kwart voor ses kom ons by Beitbrug aan. Ons rek 'n bietjie bene in die koel oggendlug, eet van Hanlie se hamburgers en drink swart koffie.

Toe die doeanepos om 06.00 open was ons voor in die ry. Om 07.52 was ons deur. Ons hou stil by die eerste vulstasie links van die pad om ons dieseltanks vol te maak. Diesel kos op die oomblik maar 65 sent (68 Suid-Afrikaanse sent) in Zimbabwe teenoor 117 sent (SA) in Dendron – 'n aardige verskil. 'n Coke kos jou 32 sent (Z) plus 'n leë bottel. Om 08.20 val ons uiteindeelik in die pad vir wat beloop om vir my altans, 'n lewenservaring te wees:

'N JAGSAFARI IN DIE ZAMBEZIVALLEI.

"'n Groot klomp voorbereidings het hierdie reis voorafgegaan. Alles het al begin toe oom Jo en Gideon saam met hul wederhelftes op 16 Februarie 'n veiling van jagte in Harare gaan bywoon het. Toe die bieëry begin was die manne maar moedeloos. Die eerste finale bod vir 'n jag van 14 dae in G-Kamp was \$ 16 000 teenoor verlede jaar se \$ 8 700. Verder het die veiling vir die kamp so verloop, in duisende Zimbabwe dollars: 12½; 11½; 12½; en 11½. En toe val die prys skielik na \$ 8 000 en ons het ons kamp. Wat egter verder merkwaardig is, is dat die pryse dadelik weer op is na 12½; 13 en 12½ vir die laatste jagpakket.

Die manne was natuurlik in hul noppies en het ook nog die volgende addisionele wild bygekoop: 'n Trofee leumantjietjie teen 6, 'n buffelbul teen 5 duisend en 'n trofee koedoe teen 800 dollar. Die pakket self het ingesluit:

- o 'n buffelbul en koei,
- o 13 rooibokke,
- o 4 bobbejane en
- o verder kleinwild en voëls.

Hierdie verkoop van jagpakkette is die metode wat die "Department of National Parks and Wildlife Management" van Zimbabwe, al jare lank gebruik om wildgetalle te beheer. In die groot wildernessgebied van die Zambezivallei wat strek van Kariba tot by die Mosambiekgrens in die ooste, is daar twee gebiede vir jagsafaries uitgesit: **Nyakasanga en Sapi**. Kwotas word opgestel van wild wat uitgedun moet word. Hierdie wild word in pakkette verdeel en dan in die twee safarigebiede gejag.

Vir my was dit interessant om te bereken dat die volgende wild so deur middel van jag vir uitdunning bestem is:

❖	Rooibokke	894,
❖	Buffels	128,
❖	Olifante	11 (trofeë),
❖	Leeus	8 (trofeë),
❖	Bobbejane	292,
❖	Luiperds	14,
❖	Hiënas	14,

Ensovoorts. 'n Bedrag van meer as \$1.2 miljoen aan inkomste is betrokke.

Gideon moes eers 'n duisternis dokumente bekom waar onder permitte om die gewere en trofee onderskeidelik in en uit te voer. Vir ons visums is hy tweemaal Johannesburg toe. En hier is ons nou uiteindeelik in Zimbabwe, oppad na die verre noorde van die land. Die eerste sowat 175 km ry mens deur mopanieveld, soortgelyk aan die Messina omgewing. Dan gaan mens 'n landskap van pragtige klipkoppe binne, ronde klippe so groot soos berge. Tussendeur voer die swartes op tradisionele wyse 'n agrariese bestaan. Die grootste deel van die binneland bestaan egter uit sagte deinende veld wat baie herinner aan die Oos-Transvaalse Hoëveld. Daar's net een verskil en dit is bome. Sover ons gereis het is die hele mooi land vol bome. Die enigste gebied waar daar geen natuurlike bome voorkom nie, slegs bloekoms en denne, is noordwes van Harare. Wat my langs die pad ook opgeval het, is die merkbare verval van hierdie natuurlike land onder die vernielende hand van die mens. Vir kilometers ry mens langs ysterpale, al wat oorgebly het van eens netjiese en doeltreffende grensdrade. Die meeste plaaswonings kom verlate en vervalle voor, hoofsaaklik in die Suid. In die dorpe kan jy sien dat die geboue verf kort. Aan leë winkels en skraps voorrade is dit duidelik dat die land agteruit gaan. En van die pragtige tuine wat kenmerkend was van ou Rhodesië, is niks te bespeur nie. Slegs Harare is feitlik alle pragtighede wat ons kon sien, se tuine vervalle. Maar nou ja, swaarder tye bring ander prioriteite. Hier en daar het ons oorbeweiding teëgekom. Oor die algemeen is die weiding egter in 'n uitstekende toestand. Die reënval is natuurlik daarvoor te dank, as ook moontlik 'n ligter beesbelading van die veld in vergelyking met Suid-Afrika. Die beeste, selfs die van die swartes, is van goeie teelt en kondisie. Brahman figureer sterk in kruisteling en verder noord kan die invloed van Britse rasse en Simmentaler gesien word.

En raar maar waar Na 10 jaar van swart regering woon die swartes eenkant in vernielde gebiede en die blanke boere boer eenkant op uitgestrekte, goed bestuurdde plase. Dit is ook net in hierdie gebiede waar ons wild langs die pad gesien het: rooibokke, koedoes, sebras en kleinwild. Na 67 kilometer stop ons by een van die netjiese piekniekplekke langs die pad. Nou begin die vakansiegees ons beetpak en ons eet heerlik, veral geurige skaapvleis wat ou Poena gebrui het. Ons doen vinnig aan by die Lion and Elephant Motel by Bubirivier om afset vir buffelvleis te soek. Ek bestuur verder tot op Masvingo, 300 km diep in Zimbabwe in. Hans en ek gaan koop vir ons bier wat ons op pad verder drink- heerlik in die warm weer en die Caslte is minder bitter en ligter as hier by ons. En snaaks, die Coke is weer sterker met meer gas. Vervolgens is ons deur die ou Afrikanervestiging, Chivu, voorheen Enkeldoorn. Byna 'n 100 jaar gelede, in 1891 om presies te wees, het ene Hendrik Bekker vir hom hier 'n plaas kom afklem. Hy het dit vernoem na een van die Acacia spesies wat steeds talryk is in die omgewing. "Enkeldoorn" is vroeër grappenderwys die "Republiek van Enkeldoorn" genoem. In die plaaslike kroeg, die hoofsetel, is aandenking-visums aan besoekers uitgereik. 'n Spesiale Enkeldoornpas was ook te koop. In die distrik is daar nog netjiese boerderye, maar die dorpie self sien daar verwaarloos uit. Dit alles lê verklaar in die volgende waarneming: - Toe ons by die eens bloeiende en beroemde laerskool van Enkeldoorn verby ry, was dit presies 13.25. Al die leerlinge was buite op die skoolterrein. Nie 'n enkele wit kind kon opgemerk word nie.

By die Departement Natuurbewaring in die straat, slaag Gideon verassend vinnig daarin om die nodige jagpermit te bekom.

In die dorp is daar 'n groot moderne spierwit geverfde N G kerkgebou. Daardie aand verneem ons dat die N G kerk sterk voortbestaan in die land. In elke groterige dorp is daar 'n lewenskragtige gemeente. Dié in Chinoye (die ou Sinoia) byvoorbeeld, het sowat 80 belydende lidmate, elkeen baie aktief. Met die onlangse kerkbazaar is daar 22 beeste geskenk. Die kerk vorm in die land absoluut die fokuspunt van die Afrikanergemeenskap. Daar bestaan nie meer dinge soos Rapportryers, Vroueorganisasies ens nie. Al wat oor is, is die basiese, die kerk. En aan die kerk het die lidmate ook genoeg. Hulle begeer niks daar by nie. Vyf oor drie kom ons in Harare aan. Vir my is die stad verrassend groot – seker vergelykbaar met Bloemfontein. Daar is ook groot bedrywigheid. Dit val my op dat die meeste voertuie deur blankes bestuur word. Oom Jo, saam met wie ek nou ry, vertel dat die uitgebreide nywerheidsgebiede aan die rand van die stad maar grootliks deur blankes beheer word en dat dit met die land se finansiële instellings ook die geval is. Ons sukkel kwaai om North Road te kry. Toe ons reeds verby die stad en in die woongebied Kensington is, verneem ons dat die straat se naam 'n maand of wat tevore verander het. Nou heet dit Josiah Tongogara Road, vernoem na 'n terroristeleier, wat ons veiligheidsmagte in Lusaka doogskiet het.

By die Departement Natuurbewaring in die straat, slaag Gideon verassend vinnig daarin om die nodige jagpermit te bekom. Ons was tot dusver bitter gelukkig om oral deur amptenare vinnig en vriendelik gehelp te word. Die reuse bome langs die strate in Harare is opvallend. Alhoewel hulle nie nou blom nie, kan mens jou goed voorstel waarom Harare as stad van die blommende bome bekend staan. In die somer is dit blykbaar 'n prentjie van pers en rooi.

Oppad uit, stop ons om diesel aan te vul. Hans en ek is by 'n groterige supermark in om toilet papier, koerante en tydskrifte te soek. Ons is daar uit sonder een van die drie. Later sou ons hoor dat daar in die hele land op daardie tyd stip geen toilet papier te koop was nie – geen vreemd verskynsel nie. Soms is vuurhoutjies of bier en dan weer coke of seep nêrens verkrygbaar is.

vervolg na bladsy 18



Vyftig kilos uit Harare kom ons 'n interessante natuurverskynsel teë, naamlik die oorgang van die Hoëveld, "The Great Dyke" genoem, na die Middelveld. 'n Prominente rantreëks loop deur tot in Mosambiek. Die bekende Gorongozakrater vorm blykbaar deel daarvan. Teen die hange groei pragtige masasabome wat die hele vlakte onder bedek. Die natuurskoon is hier besonder mooi. Banket is niks meer as 'n landbouidienspunt nie, maar Chinhoy, die volgende dorp, is redelik groot. Dit bevat onder meer 'n O.K. en 'n tak van Edgars. Hier vul ons diesel aan, koop coke en ry vir nog 'n 20 kilos tot by oom Gert en tannie Friena Pretorius op die plaas Alaska. Ons oornag by hierdie vriendelike, gasvrye mense. Dit was 'n groot verrassing om vir Mac van Vuuren, 'n universiteitskennis en sy vrou Elsa daar aan te tref. Elsa was toe al die tyd'n nooi Pretorius en dit is haar ouers by wie ons tuis was. Ons eet heerlik en gesellig, slaap lekker en vertrek die volgende oggend teen 8.00. Vir hierdie laatste skof is ons voertuie nog swaarder gelaai met die volgende voorrade:

- ❖ 5 sakke sout,
- ❖ 7 kaste bier van 2 dosyn elk,
- ❖ 12 dosyn koeldrank,
- ❖ 3 sakkies lemoene, 4 pakke sigarette, en
- ❖ nog verskeie ander kleiner items.

Deur Lion's Den, Beatrice, Karoi en Makuti is ons verder en toe is ons by Marongora. Hier meld ons aan by die natuurbewaringskantoor, vul nogmaals vorms in en kry nog 'n permit of wat. Ons laai ook vier swartes op: Fartway as gids en spoorsnyer; Ben as kok en huishouer en twee slagters, Norman en Thomas. En, moenie vergeet nie, ook hulle se vier trekke! Laasgenoemde drie se dagloon is vasgestel op \$12 – maar Fartway is in departementele diens. Toe ons by Marongora wegtrek met die nuwe vrug by, kom die Land Cruiser se voorwiele net-net by die grond by, terwyl die agterwiele van die Hilux se sleepwa in die lug loop.

En toe, 'n draai of wat verder, lê hy voor ons: DIE GEWELDIGE, ONGEREPTE ZAMBEZIVALLEI. Wat 'n manjefieke gesig van waar ons hoog op die rant van die plato stilgehou het! Honderde voete onder ons strek die vlakte 60 km breed tot by die Zambiese berge in die verte. En sover die oog kan sien na links en na regs lê die vallei wat van Kariba tot by die Mosambiek grens sowat 200 kilometer lank is. Van Marongora af ry ons drie uur lank aan die 138 kilos tot by G-Kamp. Gideon is verras dat die paaië soveel beter is sedert verlede jaar. Onderweg sien ons mooi wild: 'n pragtige olifantbul met lang, gekromde tande – Gideon vertel dat dit 'n muskus van dan teelbul is. Ons sien ook waterbokke, koedoes en 'n njalaoui. Na ons van Fraaiholt af 1247 kilos gereis het, hou ons eindelijk in Shamashonga, kortweg G- Kamp genoem, stil.

Die kamp is reg langs die Zambezi geleë in die skadu van reuse oewerbome – appelblaar en hardekoel. Daar is 'n slaapvertrek met baie vensters en genoeg ruimte vir ons vier kampbeddens. Langsaan is daar 'n opelug kombuis. Net die agtermuur is toegebou en voorsien van 'n geweerkluis en met steen geboude rakke sodat mens die voedselvoorrade bo die bereik van hiënas kan pak. Aan die kante is daar slegs drie voet hoë muurtjies met pilare waar die dak op rus. Voor is dit oop – net 'n trap. Die uitsig uit hierdie kombuis/etkamer is iets wat moeilik beskryf kan word. Ek dink dat dit, saam met die ewe onbeskrylike atmosfeer, dalk die belangrykste rede is waarom Gideon telkens na die vallei bly terug kom.

Skuins agter die kombuis is daar 'n wasgebou met toilet en stort met wasbak daarnaas. Aan die agterkant is daar twee groot wasbakke vir klere was. Verder is daar nog 'n slaapvertrek vir die swartes. Die enigste ander gerief is koue rivierwater in die krane. Toe ons vyf voor drie in die kamp aankom, het ons dadelik begin afpak en uitpak. Die yskas en vrieskas is dadelik brand gemaak. Ons het die kosvoorraad volgens hulle soorte netjies gerangskik, ook die bier en coke, ons eetgerei en kookgerei. In die middel van die kombuisvloer is twee tafeltjies teen mekaar staan gemaak met ons vier stoele netjies daar om. Buite langs die vuurmaakplek en op die rivierwal het ons 'n groot staaltafel opgeslaan vir die doel van opwas en kosmaak. Daar naas ook 'n klein tafeltjie met waskom vir hande was.

Toe moes ons nog net kooi maak: die vier bedjies opslaan en beddegoed oorgooi. Ons het netjies geslaap. Al was ons in die wildernis..... . Lakens en slope kompleet. Ons het ook goeie lig in die kamer gehad in die vorm van twee neonbuissies wat aan 'n motorbattery gekoppel was.

Met die kampmakery agter die rug, kon ons gaan sit en die omgewing beskou. Van waar ons in die kombuis gesit het, kon ons vër uitkyk oor die twee kilometer breë rivier wat verbasend vinnig maar geruisloos van links na regs verby vloei. 'n Twee kilometre breë rivier ???????. Ons ken nie so-iets nie. ' Paar dae later het ek 'n stofwolk reg aan die oorkant in Zambië sien uitslaan. Met die blote oog kon ek nie uitmaak wat dit veroorsaak het nie. Ek moes 'n verkyker gebruik om vas te stel dat die klein swart spikkels 'n groot trop buffels was. Daar is talle eilande in die rivier. Sommige van hulle is seker 'n kilometer lank.

Maar net so groots as dit wat jy daar sien, is dit wat jy hoor. Van al die voëls, veral die visarend. En dan natuurlik die ou groot atmosfeerskeppers van vallei, die seekoeie. Honderde van hulle wat dag en nag hul kenmerkende geluide laat hoor: eers 'n bulk in sopraan en daarna 'n reeks snorke in die diepste bas. Die swartes het ons nou ook geleer om die geluid wat die krokodille maak te onderskei. Dit klink baie na 'n kolgans. Gideon vertel dat hier geweldige groottes voorkom. By 'n vorige geleentheid wou 'n ander jagter graag 'n groot buffel skiet wat lank op 'n eiland in die rivier gehou het. Hy het die bul dopgehou ten einde sy spoor te vat as hy aan land kom. Toe Gideon hom later vra of hy die bul gekry het, was die antwoord dat 'n krokodil hom gevang het toe hy terugswem. Hoewel so 'n buffel in die diep, strek stroom taamlik hulpeloos moet wees, kan mens tog aanneem dat dit 'n groot krokodil moes gewees het wat hom dood gemaak het.

Na die aandete het Gideon die leviëte voorgelees. Omdat ons in baie gevaarlike omstandighede verkeer, is streng dissipline van die uiterste belang.:

- Niemand beweeg alleen uit die kamp uit, of in die veld van die groep af weg nie,
- As jy om 'n bos móét loop, vat jy 'n geweer saam en jy hou jou oë oop,
- Snags word daar glad nie buite die slaaphut beweeg nie. As dit moet, dan net tot langs die deur,

Roofdiere besoek hierdie jagkamp elke nag. By ons bure, die Amerikaner Gooch en sy Sjinese kok uit Bangkok, het 'n groot leemannetjie snags om hulle tente kom snuffel. In dié land is leeus blykbaar minder bang vir mense as elders, volgens my vriend Mike Richter, as gevolg van die oorlog in die ou Rhodesië. Hyself het in die vallei etlike noue ontkomings met astrante leeus gehad. En tydens ons verblyf daar het ons talle stories gehoor van mense wat deur leeus doodgemaak is. En van gevare gepraat, gisteraand het 'n hiëna die skoene van een van Gooch se swartes, 'n meter van waar hy lê en slaap het, weggedra. Dit is dus ook vir diere snags gevaarlik 'n so 'n jagkamp.

Gideon het vervolg:

- Niemand gaan anby die rivier nie. Dit is nie alleen die krokodille wat gevaarlik is nie maar ook bilharzias. Indien nodig mag alleen syferwater in droë rivierbeddings gedronk word.

Vervolgens is die optredes bespreek indien on s gevaarlike wild sou teëkom

- ❑ Vir 'n leeu geld een lewensreël. Moenie hardloop nie, al wil jy hoe graag. Want as jy hardloop is jy dood. Wanneer 'n leeu storm, steek hy gewoonlik vlak voor jou vas – mits jy dan nog staan, natuurlik. En soos die ou leeujaagter Mathewus Roux gesê het, as hy daar omdraai, vang jy hom nie met 'n trop windhonde nie.
- ❑ Vir 'n luiperd durf 'n mens ook nie die rug keer nie, hoewel hy in die reel weer nie stop as hy eers aan 't kom is nie.
- ❑ As 'n Olifant storm met sy ore wyd opgesprei, is dit 'n sekere teken van 'n skynstormloop. Maar as hy storm met sy ore plat teen die kop, dan moet daar gehardloop wêre. Nie weg nie want hy haal jou baie gou in, maar skuins. Probeer dan agter 'n versperring wegkruip.
- ❑ As jy in die proses of enige ander proses sou weggraaf of verdwaal, doen een van twee dinge: Probeer op jou spore terug beweeg na die groep of die voertuig. Of bly anders net waar jy is.
Ons jaggebied – die Sapi- area is groot, sowat 120 000 hektaar met 'n rivierfront van 35 kilometer. Weggraaf kan dus 'n yslike probleem afgee..

Tienuur was ons almal in die bed, maar nie voordat ons 'n aangrypende skouspel bewonder het nie. Die berge oorkant die rivier in Zambië was in ligte laaie. Ons het later verneem dat die brand al meer as 'n week lank woed – 'n week later was dit nóg so. In daardie eerste maanlose nagte was dit 'n aangrypende gesig, veral nog omdat die rooi gloede pragtig op die donker rivier weerkaats is.

DAG EEN was ons al in die veld toe dit lig genoeg was om spore te sien. Ons is eers na Gooch se kamp om vas te stel of die leeu die nag weer gekom het – negatief. Daarna is ons met die pad langs rivier op om vars buffelspore te soek wat van die rivier af die bos in lei. Ons was gelukkig. Gou kry ons die vars tekens van 'n trop wat die pad oorgesteek het. Ons het die spore ook nie 10 minute gevolg of die gids, Fartway, steek vas. Met kop skuins luister hy En toe wys hy met sy vinger vorentoe. Ons moet ook luister. En toe hoor ons dit: 'n diep suising soos 'n wind wat deur die bos waai. Dis die buffels wat so loop en wei. Die gids het die trop later op 400 geskat. Vierhonderd kolossale lywe wat deur die digte jess skuur. (Jess is die ruie onderbos)Die sensasie was iets fantasties – totaal anders as om 'n trop uit 'n motor in die Wildtuin dop te hou. Die buffels was seker nog 300 meter ver. En toe ons weet dat dit hulle was, het ander geluide ook skielik patroon gekry: dowwe, kort steungeluide, die klap van 'n horing teen 'n tak, die fyner bulkgeluide van die kalwers. Binne enkele dae is hierdie geluide diep in 'n mens geheue gegraev. Ook die klanke van 'n groot buffeltrop het vir my eie aan die vallei geword.



So sag as moontlik is ons agter die gids aan verder. Gedurigdeur is die wind getoets, want by buffeljag is dit die vernaamste faktor. Elke paar tree het ons gaan staan om in die ruie bos voor ons te soek na die swaar, swart lywe wat daar iewers is. Vyf paar oë. Opgewonde gespan om die geringste teken op te vang: beweging van 'n stert of 'n oor. Of die sonlig op 'n horing. Dit klink dalk vir jou dramaties, maar ou maat, dis nétso. Want jy weet nie presies waar daar oral buffels is nie. Vir al wat jy weet is jy al 'n ent tussen die trop in. En as hulle dan jou reuk vang is die kans goed dat ten minste 'n paar buffels reg op jou moet af vlug.

Toe die wind skielik draai het die bos gedreun soos die trop vlug. Dit was egter nie vir ons 'n probleem nie, want die naaste buffels was op dié stadium seker 70 meter van ons af. Tussen die ruie jess deur kon ons hier en daar 'n logge swart lyf sien beweeg. Ons beweeg toe weg van die trop af en gooi 'n wey draai om onderkant die wind te kom. Ons bekruip versigtig. Omdat hulle ons reeds gewaar het, was die trop nou aansienlik stiller. Dit het dit moeiliker gemaak om presies te weet waar hulle was. Maar hulle het ook nie geweet waar ons was nie. Ons het baie nader gekom as die vorige keer. Die trop was egter baie onrustig. Met die warrelende wind het hulle ons kort-kort geruik. Hulle het begin rondmaal. Bewegingloos het ons bly staan en hulle het steeds nie geweet waar ons was nie. Skuins links was daar 'n oop gang in die bos. Nie veertig meter van ons nie het 'n hele paar buffels die gang na regs oorgesteek om by die hoof trop aan te sluit. Onder hulle was daar 'n jong kalf. Skielik draai die wind en dra ons reuk reguit na die buffels. Babelse verwarring? Nee, 'n gedissiplineerde vlug, reg wind op (dis nou die buffels). Oral voor ons was dit net buffels. Ons was teenaan die trop. Met 'n oorverdovende gedonder van die swaar hoeve op die grond, gekraak en breek van takke en selfs bome, en die diep bulke van verontwaardiging, het die trop gevlug. Weens die wispelturige wind het Gideon daar en dan die jag afgestel. Terug by die bakkie vertel een slagter, wat daar gewag het, dat agt olifante daar verby is.

Oom Jo het enkele minute later die eerste bloed getrek toe hy 'n jong rooibokkooi met 'n spoggerige nekskoot vir die pot skiet. Ons is terug kamp toe waar oom Jo van die garingvleis biltong maak. Die res van die vleis gaan na die swartes – ons het nog genoeg vars vleis.

Later daardie middag gaan ry ons ver met die rivier langs. Oom Jo skiet twee rooibokkrame wat ons vir aas wil gebruik om leeus nader te lok. By Marongora het Spade, 'n ervare ou gids vir Gideon vertel van 'n groot mannetjie wat in die omgewing van die Chiworerivier, ons oosgrens, loop. Ons het sy spore daar gekry en die eerste bok aan 'n hardekol in 'n oop kol opgehang. Hierdie ophangery is belangry. Dit het ek terdeë besef, enersyds deur ons sukses en andersyds deur ander ouens se mislukings. Die bok moet net die regte hoogte hang. Te laag, dan vreet die hiënas hom op. Te hoog, dan stel die leeu nie veel belang nie. Borshoogte moet die pote wees, is Gideon se resep. En deeglik vasgemaak aan die nek. Verlede jaar het 'n leeu mannetjie twee nommer 8 drade gebreek en die karkas gevat! Nee, die leeu moet net tot by die pens kan bykom. Daar moet nog genoeg van die vleisoorbly, want dit maak dat hy terug kom.

Die tweede bok het ons op dieselfde wyse 'n ent daarvandaan in die droë bedding van die Chiwore het ophang. Teen donker was ons terug in die kamp. Die Amerikaner en die Sjinees het kom kuier en sommer gebly vir ete – of was dit dalk vir drinke? Want die kerels het 'n lang storie gehad van hoe besoekende vriende eintlik daarvoor verantwoordelik is dat hulle whiskey opgeraak het. Maar wat, ons het lekker gekuier. Toe hulle ry, het nog 'n stukkie ervaring begin wat vir my kenmerkend sal bly van die Vallei. Dit was naamlik my eerste storbod. Ou maat, saans was dit maar goëd koud hier einde Julie. Maar dis nog niks. Daai ysige rivierwater op jou kaal lyf, nog warm gebroei deur 'n lekker dik bosbaadjie. En dit in 'n stikdonker badkamer met die hiënas wat hier buite rond snuf agter die rooibokvleis aan! Dit vat 'n dapper man, veral om jou rug vir die stroom te gee. Maar as jy klaar is, voel jy só goed oor jou dapperheid, dat jy met 'n lekker gevoel in die bed klim. Voordat ek vir ons uit die Bybel kon lees, het Gideon reeds 'n paar kort slapië ingekry. Dat dit so was en hoeveel dit was, was duidelik. . . .

DAG TWEË is ons vroeg op. Na koffie en beskuit is ons veld toe. Eerste wou ons vasstel of daar leeus by die aas was. Aan die eerste bok is daar gevreet. Aan die fyn gekartelde kathare wat op die vleis agtergebly het, kon ons aflei dat dit 'n leeu was. Maar die hiënas moes hom verdryf het, want hulle het al sy spore doodgetrap. Oom Jo het 'n vierde rooibok geskiet, 'n ram met pragtige horings van sowat 23 duim – uitsonderlik lank vir hierdie Vallei. Dié het ons toe by die eerste karkas gaan ophang en ook 'n ordentlike skuiling gebou van takke en blare, 60 tree van die vleis af. Ons het ook 'n voetpad oopgeskoffel en gevee waarlangs ons jagters die skuiling ongesiens en ongehoord kon bereik van die pad af.

Nadat alles sorgvuldig vir die leeus voorberei is, het ons 'n baie interessante rit onderneem: suidwaarts met die droë Chiworerivier langs. Die pad gaan deur 'n verskeidenheid plantegroei tipes. Daar is 'n deel met ondeurdringbaar ruie oewerstriuke. Tussendeur vleg olifantspaadjies. Dis 'n besonder mooi streek. Verder aan word die pad weer 'n tunnel soos dit onder reuse bome deur lei. 'n Mens wil werklik praat van 'n woud. Vorentoe gaan mens die mopanies binne. Maar mense, daardie mopanies is nie die struikies wat ons ken nie. Dit is bome met 'n stamdikte van 'n half meter en soms met 'n dikte wat drie mans glo nie kan omarm nie. En ons het met mekaar ooreengekom dat die gemiddelde hoogte van die mopanies 60 voet is (vir die jonges, dit is 18 meter)

Ons was op soek na buffelspore wat die pad kruis. Toe ons dit kry, was die Duitser en die Oostenryker egter reeds agter hulle aan. Gevolglik is ons verder om 'n paar drinkpanne te besoek. Hierdie panne is nou weer iets anders om te sien. Oral in die Vallei het ons op die verskynsel afgekom: 'n pan water sommer net daar in die bos. Te oordeel aan die baie wat ons gesien het, moet daar honderde van hulle wees. Al was baie hier teen die laat winter reeds droog, het die ander tog water aan duisende wilde diere en voëls oor 'n wye area gebied. Die oggend het ons by 'n hele paar van hierdie drinkpanne aangedoen om te probeer vasstel of buffels daar gereeld suip.

Ons kry oral spore maar interessant, by geen een teken van buffels se teenwoordigheid nie. En toe vat Gideon ons rondom die pan en hy wys ons die rede. Aan die renosterspore is dit duidelik dat hierdie 'n gereelde drinkplek van 'n paar renosters is. Waarskynlik is dit weens hulle humeurige geaardheid dat ander wildsoorte liever die besondere suiping vermy. Op pad wys Gideon aan ons nóg iets aangrypends uit. 'n Stukkie natuur en geskiedenis tegelyk. Aan weerskante van die pad is daar op 'n plek twee groot , wit, blinkende rotse. Dit is duidelik dat groot gedeeltes van die klip reeds weggeskuur is. Hy vertel dat daar dwarsdeur suidelike Afrika sulke skuurplekke voorkom, al op die eeue oue trekroetes van die olifante langs. En jou werklik, toe ons mooi kyk, sien ons nie net die vars olifantspore in die snuifgetrapte stof nie. Langs die twee skuurklippe strek aan weerskante verder 'n paadjie wat oor jare alleen so diep uitgetrap kom wees. Dit was aandoenlike momente, daar in die olifantspaadjie. Mens is getref deur baie dinge. Deur die verlede, want hoe lank loop die kolossale bosreus al met die paadjie langs? Deur die sosiale gedrag van hierdie intelligente diere. Jy sou graag meer wou weet van hul migrasieroetes. Het iemand dit al nagegaan? Gideon sê dat daar ook in Suid-Afrika van hierdie skuurklip-bakens langs die olifante se grootpaaië voorkom. Maar wat veral by mens opgekom het, was die bitter besef dat die voetspore baie vinnig besig is om uit die olifantspaadjies te verdwyn – na duisende jare dalk. En dit. Louter weens die gierigheid van onsensitiewe mense. Natuurlik ook as gevolg van die proses van die beskawing, moet mens daarby sê.

By een pannetjie eet ons ons middagmaal. Daar is 'n halwe blikkie mielies vir elk, geëet volgens elkeen se vindingrykheid daar ons sonder eetgerei was, stukke koue boerewors en tamaties en 'n paar slikke water uit die waterbottels as nagereg. Toe het ons langs 'n pannetjie in die koelte gaan lê en Doen wat elkeen wou. Dit was ontsettend rustig. Ekself het aan die slaap geraak en tenminste Fartway ook, want Hans het hom bekuier en sy R1 geweer gesteel en weggesteek. Gideon sôu nie aan die slaap geraak het nie want oom Jo sou dit nie toegelaat het nie. Ons doel was juis om stil te wees vir ingeval daar dalk 'n mooi koedoebul kom suip.

Heerlike skaduwee op die skoon wit riviersand noop oom Jo en my om net daar uiting te gee aan ons luius

Later is ons uiters lui met dieselfde pad terug. Ons sien 'n mooi koedoebul, maar hy's nie van troffeegehalte nie en ons los hom. Ons sien ook twee njalaramme. Terug in die omgewing waar ons die rooibokmaal vir die leeus voorberei het, parkeer ons die voertuig en stap af na die bedding van die Chiwore. Ons fynkam die omgewing vir leeuspore. Heerlike skaduwee op die skoon wit riviersand noop oom Jo en my om net daar uiting te gee aan ons luius. Maar Gideon het ons intensies gewaar. Ons is toe traag die wal uit en terug na die voertuig om daar die uur te verwyf alvorens die jagters koers kry na die voorsitplek. Toe die jagspan weg is moes Hans en ek en die twee slagters nog twee ure om kry. Ons het gaan hout soek en 'n goeie rivier mopanie bymeekaargemaak. Naderhand het die twee slagters, Norman en Thomas, bessies in die hande gekry – geles en groenes en begin meul speel. Op die ou end speel Hans ook saam en dit word vir ons ook 'n heel aangename middag daar in die bos.

Teen ons jagspan se sterk verwagtings in het die leeu toe nie die middag gekom nie. Hul geduldige wag in die skuiling is egter beloon deurdat 'n paar wildehonde vlak voor hulle oor die oopkol gedraf het. Goed donker was hulle terug by die Cruiser en ons almal 'n halfuur later in die kamp. Daar wag 'n aangename verrassing op ons. In die eerste plek is daar vuur gemaak. Nie 'n groot vuur nie, want hierdie Shonas maak net so 'n klein vuurtjie en werk eerder met die kooltjies as met die vlamme. Ware natuurmense. Hulle mors nie met hout nie. Hulle verraai ook nie hulle teenwoordigheid in die bos deur 'n groot vuur nie. Dit verklaar dan ook waarom hulle nooit luidrugtig is soos die swartes hier by ons nie. Ons het die hele tyd nooit een keer 'n swarte hoor skreeu nie. En al het hulle saans tot laat om hul vuurtjie gesels, kon jy op 20 tree nie weet of hulle nog daar was en of hulle al gaan slaap het nie. Want jy kon hulle nie siwen nie – in hul vuur was nooit vlamme nie, net dowwe kooltjies en jy kon hulle gedempte gepraat nooit hoor nie. Ons vier blankes is keer op keer daardeur getref dat hierdie swartes só ingeskakel by die natuur dat hulle deel daarvan is.



Nou terug by die tweede verrassing wat in die kamp op ons gewag het. Al die skottelgoed is gewas en op hul plek en die kamp netjies en skoon. Die gróóste verrassing het ons egter in die slaapvertrek gekry. Nie alleen was ons beddens netjies opgemaak nie, maar ons klere is gewas en elkeen se hophie ewe spoggerig op sy bed gepak. Om alles te kroon is ons tweede stel skoene ook nog blink gepoets. Nee, kyk. Hierdie Ben is 'n doring. As hy só voortgaan, gaan ons 'n baie aangename kampwee hê. Wel dit was 'n lang, warm dag in die veld. En wat doen 'n man as jy na so'n dag in die jagveld in die kamp aankom? Jy gaan sit, jy maak 'n yskoue bier oop en dan ontspan jy net. Maar ons was seker nie vyf minute daarmee besig nie, of hier is die Amerikaner en die Sjinees weer. Ek is seker hulle het gesit en wag tot hulle ons ligte sien aankom. Wèèr eet hulle by ons en kuier tot na nege. Ou Gooch was teen die tyd seker al skandelik siek vir die vyf Sjinees se Kerrie en rys. Die ou is juis die kok. Daar is lekker gesels oor duur gewere, oor jag en oor die politieke dilemma in Suider-Afrika. Gooch woon in Seattle waar hy gemoed is met die Boeing Maatskappy. Die Sjinees het weer 17 jaar tevore uit Bangkok na Mosambiek gekom. Twee gawe kèrels wat die volgende dag vertrek het.

DONDERDAG 26 JULIE en Gideon se verjaarsdag. Vir ons is dit jagdag drie. Maar al verjaer Gideon ook, hy is teen half vier op. 'n Uur later is ons by die stilhouplek, so 'n kwartier se stap van die takskuiling by aas nommer een. Hans, ek en die slagters bly weer by die Cruiser terwyl die jagspan gaan voorsit. Oopad na die skuiling loop die manne amper in die donker teen 'n trop olifante vas. Ons het hul mee se spysverteringsgeluide gehoor, maar dit van binne die kajuit van die bakkie vir 'n leeu se gesteun aan gesien. Die trop is tussen ons en die skuiling deur, oor die spore van die jagspan. By die aas was daar weer geen teken van leeus nie, net van hiënas. Die insident met die olifante was egter nie die enigste amper vasloop van daardie oggend nie.

Ons is vier uur in stikdonkerte uit die kamp. Seker nie twee kilometer verder nie het ons so amper-amper in 'n seekoei vasgry. Die diere loop snags met die paaie langs na en van die rivier. Hierdie een was reeds in die bosse aan die regterkant van die pad. Nie een van ons weet regtig wat gebeur het nie, maar skierlik was die seekoei sigbaar in die bakkie se ligte. Daar was nie tyd vir remme of uitswaai nie en ons is teenaan die gedierte verby. Hoe naby dit was weet ook niemand presies nie. Dit was in elk geval minder as 'n halwe meter, want beide Gideon en ek, wat aan die regterkant gesit het, sou in die verbygaan aan hom kon raak. Hans en ek, wat op die bak was, het gedink dat ons die ding kon stamp, omdat hy so 'n tipe fluït/kreun gegee het asof sy wind uitgestamp is. Toe ons verby is het hy agter die bakkie aangestorm. Dit was 'n nare gesig in die dowwe rooi gloed van die agterligte, veral nog omdat alles so vinnig gebeur het dat ons agter nie dadelik gewee het wat dit was nie.

Toe ons van die skuiling terug was, het ons van die kamp af rivier op gery. Dit was seker nie vyf kilometer nie toe ons twee buffels naby die pad op regterkant gewaar. Een van hulle het indrukwekkende horings gehad – diep hangkop met die punte goed na binne gedraai om twee driekwart sirkels te vorm. Daardie wegdraai skuins links was 'n prentjie: neus in die lug met die horings op die massiewe nek. **GROOT GOED!** So sê Reay Smithers, probeer die buffel 'n opponer of vyand ontsenu, het dit by my opgekom: neus omhoog, en ook met die sywaartse vertoning van daardie enorme groot lyf. Toe ons hulle begin volg, was ek nie juis ontsenu nie, eerder met 'n diep agting vir die massiewe, trotse diere vervul. Die omgewing was heuvelagtig en oorkant 'n effense kloofie het die twee by nog 'n paar aangesluit en verder gevlug. Vir 200 tree kon ons die spore betreklik maklik volg ten spyte van kniehoogte gras en droë blare. Toe is hulle 'n diep, breë sloot in met oral kolle ruie bos. Daar het ons vir 'n hele klompie minute uiters katvoet na hul spore gesoek. Oom Jo kry dit waar hulle na links uit die sloot beweeg het. En ons was ook net uit toe oom Jo hulle eerste gewaar – twee bulle met hul rûe na ons toe, reeds weer aan 't wei. Sô massief het die diere op 300 meter gelyk dat ons vir 'n oomblik gewonder het of dit nie dalk olifante was nie.. Maar toe een stert swaai het ons geweet: dis die buffels daardie. In die ruie, ongelyke terrein het ons maar net ons begrip vir dimensie tydelik verloor. Deur die .270 Sauer se teleskoop kon ek hulle mooi bekryk. Ek het sewe bulle getel. Fartway het ons versigtig links om geleie teen skotige helling uit. Die buffels moes ons onderweg gewaar het want toe ons bo kom, het hulle voor ons verby na links beweeg. Binne minute gewaar ons hulle weer, aan die oorkant van 'n sloot. Oom Jo, Gideon en Fartway, het tien tree vorentoe gekruip. Ons ander het onself probeer wegsteek, want aan weerskante van die sloot was ons en die buffels redelik oop en bloot vir mekaar.

Daar was drie bulle, Gideon het die beste een uitgewys en toe's dit gewere teen die skouer - .458 en .375. Hoewel vooraf besluit is dat oom Jo eerste sy bul sal skiet, is dit Gideon se beleid dat twee koeëls gelyktydig in gevaarlike grootwild geplaas word. Toe die twee skote dus klap was die vet in die vuur. Van waar ek was, kon ek nie sien watter buffel die teken was nie. Maar toe die skote klap, toe hardloop almal. Die gekwete bul is dadelik teen 'n steil vyf meter hoë wal uit. Bo het hy in sy spore omgedraai en toe hy daar afkom, het ek vir die eerste keer geweet dat dit hy was wat geskiet is. Toe hy onder kom het hy gedraai – moenie vra waarheen nie – en op ons afgestorm. Gideon het geskreu: "Hy't gedraai! Oom Jo, skiet die blerrie ding!". Nog twee skote het geklap en die buffel was neer. Ons het gewag vir die doodsrulle – daar was drie – en toe eers in 'n wye halfmaan nader beweeg. En wéèr nader beweeg.

En wéèr gewag. Na seker tien minute het oom Jo 'n klip gevat en die buffel op die pens gegooi. Daar was geen beweging nie. Gideon gaan toe versigtig agter om,. Toe hy die buffel op die boud klap, swaai die stert. Groot spring! Binne nog 'n minuut skop een agterbeen. Maar dit was vir die laatste keer, die finale styfskop. Daarmee was die groot spanning verby en verligting en vreugde het dit vervang. Hartlike gelukwensings is aan oom Jo gerig, nie alleen met sy eerste bul nie, maar met só 'n bul. Dit was 'n manjefieke diert met 'n horingspan geskat op 41 duim. En die horings is pragtig gevorm aan weerskante van 'n massiewe horingplaat (Boss).

Om die buffel in perspektief te plaas moet Gideon se vermoede in gedagte gehou word, dat sy horings beter is as die waarmee verlede jaar se Bosvels Jagters Verenigings Kompetisie gewen is. Hierna stel ons tot almal se tevredenheid vas dat die buffel nie meer as vyftien tree van die pad af lê nie. Dit sou baie werk spaar. Ons is toe terug om die Cruiser te gaan haal. Die buffel is tot onder 'n boom gesleep, opgeghys en in die bak laat sak. By die kamp is die kuip versigtig uitgeslag – 'n yslike werk. In kort kom dit daarop neer dat die vel agter die skouers reg rondom afgesny word, asook om die twee voorbene. Verder word die vel dan met die rug en nek langs in 'n reguit lyn tot agter die horings losgemaak. Met die vel afgestroop so ver moontlik, word die oor aan die binnekant uitgewerk tot net die kraakbeen oorby. Die ooglede en lippe word versigtig losgesny – ook van binne af. Hierna wag daar nog lang ure se werk om die vel en skedel voor te berei vir die taksidermis. 'n Rukkie later is ons met 'n deel van die karkas weg om nóg 'n voorplek – die derde – te maak. Dié keer vir die mannetjie wat ons bure se kamp gepla het. Aan sy spore kon ons aflei dat hy 'n meneer was! Ons het ook weer met die grootste omsigtigheid 'n skuilplek vir die jagspan gebou. Daar is regtig geen steen onaangeroer gelaat om te verseker dat hulle hul voet teen geen klip stamp en daar geen struikelblok op hul weg na daardie takskuiling sou wees nie. Haai, regtig, elke Klippie, elke grassie en blaartjie is met die grootste sorg weggeneem uit daardie paadjie, sodat die grootvoet-manne die laatste honderd meter darem net redelik stil kon loop na die skuiling.

DAG VIER is ons lank voor eerstelig uit die kamp om die leeu by die laasgeneoemde skuiling te gaan voorsit – sonder sukses. Om halfagt is ons terug in die kamp. Hans en ek bly agter om van die buffel se vleis te bewerk terwyl die ander uitgaan om met die res van die karkas 'n vierde voerplek vir leeus te maak, die keer op 'n ander plek naby die Chiwore.

Ons maak 'n marinade waarin ons skywe garingvleis pak. Ons sit ook 'n ysterpot met borsvleis en buffelstert op, wat heeldag lankstydig moet sag kook. Van die geweldige meterlange rugstringvleise wat saam met die ander vleis 'n nag lank in bier gelê het. (Makkie se reseep) sny ons biltong. Verder kerf ons 'n koolkop op vir later se gebruik. (Maar omdat daar iets met my spesiale sous vir die kool skeefgeeloop en dit maar aardig gelyk het, is daar van die hele bak net eenmaal 'n bietjie gebruik vir slaai). En toe maak Hans en ek vir ons ontby!. Drie heel aartappels wat die vorige aand oorgebly het, sny ons skywe en braai dit so effens. Ons braai ook dik skywe van die buffel se sagte garingvleis op die warm ysterplaat. Toe gaan sit ons aan met 'n koue coke daarby.

Wat 'n maaltyd was dit nie! Hier sit ons op die oewer van die geweldige Zambezirivier in ons opelugkombuis, genestel in die skadu van reuse oewerbome – appelblaar en hardekoel. Ver aan die oorkant lê die berge in Zambië. En hoe verder weg, hoe ligter word die skakerings van grys. Terwyl ons eet het verder ook die geluide om ons die smaak van die heerlike kos verbeter. Alles oorheersend was natuurlik daardie groot, diep stilte van die natuur. Daar binne 'n groot verskeidenheid van geluide wat lieflik harmonieer: Tiptol en tortelduif, papagaai en patrys, die gekoggel van die katlagter en die sagte satynklankies van sypies. En so eie aan die groot rivier, die kenmerkende klanke van die visarend en die seekoei. Al hierdie klanke word soos musieknote saamgebind deur die sagte susing van die oostewindjie deur die blaartjies en biesiepluime. Wel, watter restaurant ter wêreld kan só 'n dekor, sulke musiek, so 'n sielsveredelende atmosfeer bied? En dieselfde kon ons vra tien opsigte van die kos en borde. Hans en ek het ons so kyk-kyk en luister-luister langsaam verlustig aan die heerlikste ontbyt wat mens jou maar kan voorstel. Mensig, so 'n sag gemarineerde plaatgebraaide buffelskyf is lekker.

Later het ons op die groen kweek langs die rivier gaan sit en visvang. Natuurlik het ons voortdurend 'n wakenede oog gehou op alles wat nader dryf. Ons het immers gehoor van daardie onskuldige miskoei wat tot jou grootste verdriet as 'n yslike krokodil uit die water torpedeer om jou in te vat deepwater toe! Die tiere wou nog nie byt nie- daarvoor was die water blykbaar nog te koud. Ons het nietemin elkeen drie makriele, ook got-gotte genoem, gevang. Intussen het Ben, die kok, die potte opgepas. In een was die buffel se tong en in 'n ander een die borsvleis en stert wat ons gegeur het met lemoenskil, lourierblaar, 'n paar swartpeperkorrels en knoffel. Toe die jagters terugkeer uit die veld, verneem ons dat hulle 'n ewe aangename dag beleef het. Hulle het ver in die Chirowerivier opgestap en pragtige oewerbome teëgekrom. Ook baie renosterspore en 'n eland. Op een plek was daar soveel syferwater in die droë rivierbedding dat mens daarin kon bad. Met hul terugkeer is daar koue bier gedrink en toe ernstig begin om die kos reg te kry. Almal was dun. 'n Goeie klomp aartappelstukke, gehalveerde uie en twee blikkies klein wortels is by die pot vleis gevoeg en toe is die vuur vir nog 'n goeie uur goed gestook. Ons goeie verwagtings en ordentlike aptyt is nie teleurgestel nie. Ons het daardie propvol plaatboom ysterpot in die middle van die tafel neergesit en vir ons uitgeskep bo-op dik snye brood. En dit moet ek by sé: ons het uit swaar spierwit porselein borde geëet wat tannie Marina vir ons saamgegee het. Die kos was heerlik, vir my smaak 'n bietjie sout (ek mag kla want ek het dit gemaak).



Maar die vleis was sag en heerlik met nie die vaagste teken dat dit wildsvleis is nie, laat staan nog 'n ou bul. Ons het geëet soos konings in ons Zambezirestaurant. Later die aand kom meld Ben 'die kok', 'n mate van ongelukkigheid onder die swartes. Gideon het hulle naamlik laat verstaan dat dit môre Sondag is en dat daar dus nie gejag sal word nie. Uit een of ander iets het hulle egter die geloof gekry dat daar juis môre 'n leeu geskiet sou word, van daar dan dat hulle niks wou weet van nie jag nie. Uit die daaropvolgende gesprek met Ben het dit vir ons geblyk watter groot rol bygeloof in hierdie natuurmense se lewens speel. Hoewel hyself na eie bewering 'n Christen is-katoliek om presies te wees – deel hy die geloof dat die een of ander toordokter verantwoordelik is vir die reënval in die gebied. Hy is die reënmaker. Ben vertel toe dat daar rondom die reënmaker se huis iets wat vir ons klink na 'n dik koperdraad of kabel gespan is. Binne in die huis hou hy twee olifantande aan. As daar nou in 'n sekere gebied droogte heers, dan vind daar buite die huis 'n reënmakerseremonie plaas. Die olifantande word uitgehaal en so neergelê dat die punte na die droë gebied wys. Nadat daar nog bepaalde rituele afgehandel is, is alles gereed sodat die reën kan kom. Die vorige jaar se droogte, so vertel Ben, word deur hulle swartes juis daaraan toegeskryf dat iemand daardie twee olifantande gesteel het.

Gideon vertel later in die kamer vir ons van 'n soortgelyke ondervinding wat hy voorheen in die Vallei gehad het. Die betrokke jaar kon hy en Josef Burger net nie 'n olifant geskiet kry nie. Die swartes het al hoe meer begin krowelig word. 'n Mens kan aanvaar dat dinge maar begin, gaan het hier teen die einde van die jagtog, want 'n olifant moes gekry word. Daar is vir een betaal. Hulle begin daarop aandring dat daar na 'n toordokter gegaan moes word. Meer om die swartes te stel as enige iets anders is hulle toe maar weg daarheen. Daar aangekom wat die ou mopanie en maroelablaar en hy vou dit binne in 'n kremetartblaar toe. En terwyl hy vir seker nog 2 – 3 ure met sy rituele besig was, het hulle maar gesit. Later het hulle blikkieskos oopgemaak en geëet. Uiteindelik is hulle toe daar weg. En binne enkele minute het hulle 'n olifant geskiet. Daar is toe maar met die swartes ooreengekom dat daar more net 'n vinnige draai by die aas gemaak sal word om te kyk of die leeu wel kom vreet het.

DAG VYF: Sondag 29 Julie. Die jagspan is toe 'n ruk na sonop weg. Hulle stel aan die spore vas dat die leeu wel die nag aan die vleis kom vreet het. Ook dat dit 'n mooi mannetjie is, gesien die nege duim lange swart maanhare wat hulle aan die vleis gekry het. Was die swartes se "voorgevoel" dalk reg? Sy vreetplek was nog baie vars en as hulle soos gebruiklik voor eerste lig in die skuilplek was, het hulle hom dalk daar gekry. Maar dalk ook nie, want vanmôre het die bobbojane en rooibokke luidkeels en – neus die jagters se aantog aan die wêreld verkondig. Hulle het gewêet dit is Sondag en deur daardie leeu te waarsku, ons jagters dalk – net dalk – van 'n groot versoeking verlos. Vir ontbyt eet ons mieliepap met tamaties en uie, worsies en eiers. Daarna drink ons tee. Ons gaan sit op die groen kweek langs die water en probeer 'n bietjie visvang. Ons hou wild en voëls dop, knip af en toe 'n uil en ontspan verder net lekker. Op die oomblik dat ek hier skryf bekyk ons 'n paar alleenloper buffelbulle, daghaboys, soos hulle hier genoem word omdat hulle so lief om klei aan te maak en hulleself daarmee te bepleister. Die troppie daghaboys wei op 'n eiland so ses-sewehonderd meter van die duskantse wal af. Met die blote oog is hulle net swart stippels. Slegs met behulp van verrekykers kan ons vasstel wel een die beste horings het en dan ook maar met moeite.

Hier kry mens nou enigsins perspektief op die breedte van hierdie magtige rivier. Die betrokke eiland lê maar in die eerste derde of selfs kwart van die totale breedte. Later sou blyk dat daar meer buffels op die eiland is, onder meer twee kleinerige kalwers. Hierdie diere moet sterk swimmers wees, want die rivier kom vir ons diep voor. Teen vieruur die middag ry ek saam met die jagspan uit na die skuiling waar die swartmaanhaar loop. Toe hulle tussen die bosse verdwyn, bly ek alleen by die Cruiser agter, wat in die skaduwee van 'n hardekool gepark staan. Rondom my is daar 'n groot oop kol met net hier en daar 'n boom of struik. Die rivier is seker so 'n 120 tree skuins voor anderkant 'n streep reuse oewerbome. In die twee ure van totale vreedzaamheid het ek gesit en wens dat ek 'n digter was sodat ek die onbeskryflike atmosfeer en skoonheid van die vallei kon orden, saamvat, vertolk, in woorde verpak sodat mens dit met jou geliefdes tuis kan deel. Jy sou byvoorbeeld in digterlike vervoering antwoord soek op vrae soos: Hoelank? Hoeveel?.....

Toe dit begin donker word het die plaaslike bobbejaantrap begin bome toe beweeg. Egter nie met die gebruiklike groot geraas en gespeel soos ander aande nie. Die mannetjies het kort – kort stil gaan staan om te tuur na die bosse langs die rivierwal. Die leeu was sekerlik iewers naby. Dit was 'n aangrypende stukkie belewenis om die trop in die bome te sien op beweging om elkeen 'n slaapplek vir die nag te soek. Teen die ondergaande son skuins agter hul was springende, klimmende siloëtte duidelik afgeëts. Teen terk donker was daar beweging baie naby my. Dit was 'n troppie waterbokke wat rondom die bakkie kom wei het. Die aand het ons weer wonderlik lekker geëet. Ons het van die buffel se garingvleis gebraai op 'n warm ysterplaat nadat dit 'n nag in bier en twee dae in 'n tuisgemaakte marinade gelê het. Dit was ongelukkig lekker. Ben het ook 'n groot bak bruingebrade aarappelskyfies gemaak en ons 'n koolslaai. Na ete het ons melk gedrink en toe is daar met die elke aand se badritueel begin: oom Jo bad eerste en toe druk Gideon in. Hy's veronderstel om elke aand heel laatste te bad om ons 'n kans te gee om aan die slaap te mag raak alvorens hy insluimer. Want as hy insluimer dan ontsluimer al die diere en voëls in die bos. En vir ons is slaap vervloë tot in die vroeë oggendure wanneer jy deels danksy uitputting en deels kondisionering genadiglik "uitpass"!

Mens raak die koue water gou gewoond. Ook die donkertevan die badkamer met sy ruitelose venster. Elke aand voor ek ingaan, druk ek eers 'n paar stompe dieper in die swartes se kole – hulle vuurmaakplek is reg langs ons badkamervenster. Gou lek daar 'n paar vlammetjies op wat die vertrek so effe verlig. Ook die buffelkop in die lawe drom wat hier in die hoek gebêre word om dit weg te hou van die hiënas.. Die ongediertes slui snags in die kamp rond en snuffel aan alles. Omdat die Amerikaner langsaan sy buffelkop nie goed genoeg opgepas het nie, is die onderkaak deur die hiënas weggedra. Ons almal slaap sleg na die rustige Sondag. Ekself het 'n paar keer opgestaan en elke keer 'n hiëna met die flits op heterdaad betrap. 'n Seekoei het vyf tree uit die kamp teen die rivier gewei en die leeus het die hele nag in Zambië gebrul.

DAG SES: Dit was nog nag toe die jagspan uit is om die aas naaste aan die kamp te inspekteer. Die leeu het kom vreet. Later is ons almal saam weg na die ander twee plekke waar buffelvleis uitgehang is. Oppad sien ons vir die eerste keer sebras en ook 'n paar mooi koedoekoëie in die pad. Een stuk vleis haal ons af en maak daarvan 'n nuwe voerplek. Dié keer is dit in 'n sloot. Van die rivier se kant loop mens sowat 150 meter in die sloot op tot waar dit skielik loodreg en borsdiep eindig. Hierdie sloot het twee voordele: mens kan ongesiens en redelik geruisloos daarin opbeweeg, want dit is diep en die bodem is met sagte sand bedek. By hierdie loodregte einde van die sloot slaan ons versigtig 'n halfmaan takraam op met twee skietgate aan die onderkant. Nou kon die jagters langs mekaar regop staan en op hul elmoë leun om lekker akkuraat te skiet. Die buffelkarkas is vyftig tree vorentoe in 'n boom opgehang. Dit is warm en windstil. Die tsetsevlieë stéék. Ons werk tot na twee om die skuiling reg te kry. Daar is nie geskikte takke en blare naby nie en ons moet ver in die rondte daarvoor soek. In die kamp aangekom is ons warm en honger. Ons neem elkeen 'n koue stort en daarna eet ons blikkieskos: sardines en suikermielies en brood en polony saam met coke. Vier uur ry ons rivier af om vars vleis te soek vir die pot. Maar die rooibokke weet dit en hulle hardloop vir 'n vale oor die oewervlakte langs die rivier. Toe ry ons terug en parkeer op die rivierwal naby die voorsitplek waaraan ons vroeër die dag gewerk het. Toe die jagspan koers kies na die sloot, bly ek alleen agter. Ek sit nou hier langs die rivier. Dit is seker halfses en die son sak stadig en bloedrooi daar oorkant die rivier agter die Zambiese berge in. 'n Vleioerie fluit in die oewerstruik hier langs my. Verder weg hoor ek kolganse, 'n visarend 'n swempie lawaaierige papagaaië in vlug. Daar is ook tiptole en natuurlik die alomteenwoordige tortelduiwe wat met hul vredige gekoer bydra tot die groot rustigheid van die Vallei. In die voëlsang klink daar klokkies en viooltjies, fluite en as jy mooi luister selfs klarinetten en trombone. Elke oomblik van dag of nag is daar musiek in die Vallei. Nou klink dié klank op, dan weer daai. Net één keer jy altyddeur teëaan die rivier: die diep basstemme van die seekoeie.

Daardie leeu was van die aas af oppad na die takskuiling. En hy moes vinnig beweeg het.....

In die verte oorkant die rivier styg daar 'n groot stofwolk op. Met die blote oog kan ek nie uitmaak wat dit veroorsaak nie. Deur die verekyker blyk dit 'n buffeltrop te wees wat water toe kom. Ek sien ook buffels en seekoeie in die riete wei op 'n eiland naby. Iewers hier naby beweeg 'n groot dier, want dis nou al 'n hele ruk dat ek kort-kort blare en takkies hoor kraak. Tog is dit snaaks dat ek niks gewaar nie, want behalwe die droë sloot hier links langs die bakkie is dit reg rondom taamlik oop. As ek gelukkig is kry ek dalk nog die leeu te sien, want dis sy loopplek hierdie. Die bobbejaantrap begin nou hier agter my hul appelblaar, wildevee en jakkalsbessiepaleise bestyg vir die nag. Dit is onbeskryflik vreedzaam. Saam met die immer klinkende insektemusiek uit die riete en die nagvoëls wat nagsê, hoor mens reeds die eerste paddas en uiltjies. Daar klap twee skote. Ek dink Gideon het sy leeu. Vanaand drink ons Chivas Regal om dit te vier en more begin ons voluit jag! Maar, nou kan ek nie meer sien om verder te skryf nie – dis net na ses. Ek is ook te opgewonde. Daar klap nóg 'n skoot. Dit moet die doodskoot wees. Ek hoop net alles het goed afgeloop. Alles het.

Dit het vir my na 'n ewigheid gevoel voordat die manne uit die donker te voorskyn gekom het. Ons was baie opgewonde. Al op die middag se spore het ons met die Cruiser deur die donker bosse gevleg. En toe val die ligte op die skiettoneel. 'n groot leeuannetjie lê dood op die grond, nie ver van die takskuiling af nie. Dit was vir my baie duidelik wat gebeur het. Daardie leeu was van die aas af oppad na die takskuiling. En hy moes vinnig beweeg het – dertig meter van dat hy by die vleis weg is tot dat hy geskiet is. Nou lê hy daar dood met 'n koëlvond reg tussen die oë en met nog een in die bors. Deur sorgvuldige ontleding van elke stukkie detail is daardie toneel later die aand deeglik ontrafel. Oom Jo en Fartway, het 'n paar tree van die takke af plat gesit in die sloot. Hulle moes netso rustig gewees het as ek in die Cruiser. Gideon het immers nooit 'n leeu in die middag geskiet nie, altyd in die oggend. Buitendien het ons tot twee uur daar oral rond gekap en gesaag. Geen leeu sou dit daar naby waag nie. En geen leeu het ook al van die nuwe voerplek geweet nie.

vervolg na bladsy 22



vervolg van bladsy 21

Net Gideon het op daardie tydstip gestaan en die aas deur die opening in die takskerm dopgehou. Hy beweer dat hy die leeu vir 'n goeie halfuur lank gehoor, maar dit nie werklik besef het nie. Daar was kort-kort sagte ritsel en steungeluide. Toe hoor hy weer iets en daar's die leeu! Van die linkerkant af kom hy teen die skuins helling afgestap. Onthou, die hele terrein is in 'n wye donga geleë. Maar toe Gideon hom gewaar was hy al twee meter van die boom met die aas af. Nodeloos om te sê dat hy dadelik agter die wal ingesak en vreeslik vinnig begin laai het. Toe hy oomblikke later opkom was die leeu nie meer by die boom nie maar vinnig oppad, reguit na die takverskuiling. Genadiglik het die metaalklink van die geweerstoot die leeu laat vassteek. Gideon skiet hom met die .458 loodpunt presies tussen die oë en oomJo 'n breukdeel van 'n sekonde later met 'n .375, ook loodpunt, in die bors.

Die aand in die kamp is daar baie bespiegel: oor hoe oom Jo so vinnig gereed was om saam met Gideon te kon skiet en oor waarom die leeu gestorm het. Fartway het met 'n logiese verklaring gekom. Die leeu het 'n rou seer aan een voorbeen gehad, moontlik opgedoen in 'n geveg met 'n ander leeu. Omdat sy bewegeelikeid enigins daardeur belemmer moes wees, kon hy vir tyd en wyl nie by ander leeu's byhou nie en ook nie himselfe effektiwief jag nie. So was hy dus 'n alleenloper en vir kos aangewys op dit wat hy die maklikste kon bykom.: vleis wat die jagters uitsit en strooptogte op jagkampe. Hierdie leeu moes die hele tyd in daardie omgewing gebly het. Moontlik het hy vir die jagspan lê en kyk terwyl hulle na die skuiling beweeg het. Want dat hy onraad by daardie takskuiling vermoed het is baie seker. Ruik kon hy hulle nie en sien toe hulle reeds agter die takke was nog minder.

Gideon het gedink dat die leeu iets by die skerm moes gewaar het, maar onder die indruk was dat dit hiënas is en hulle eers wou gaan verwilder voor hy begin vreet. Of dalk is 'n leeu maar net so intelligent dat die takstruktuur hom opgeval en hy dit bloot wou gaan ondersoek het. Hoe dit ook al sy, die leeu was háástig om daardie inspeksie te gaan uitvoer. Dit was 'n groot mannetjie. Gideon sê later dat indien hy kon kies, hy hom liever nie sou skiet nie. Hy was eintlikop soek na 'n mannetjie met 'n vol manhaar, terwyl hierdie een net 'n effense kraag onder die nek het. Maar nou is dit ook so dat die jessruigte die Valleileeu se maanhare kort hou. Buitendien het oom Gideon nie 'n keuse gehad nie. Daardie leeu was befoeterd. Hy móes hom maar skiet. En ek sou ook indien in sy skoene was, want dis 'n mooi leeu en dis 'n groot leeu. Die vier van ons het kwaai gesukkel om hom op die bakkie te kry. In die kamp is hy voorlopig geskat op 117 duim met skedellengte van 14 duim (wêreldrekord 18.25 duim). Daar is gelukwense uitgedeel, foto's geneem en oor en oor vertel. Die slagters het in die ligte van die luierende bakkie dadelik met die versigtige slagproses begin.

WORD VERVOLG in 2de kwartaal uitgawe

JAG - Ego booster, Tool of Voorreg? Deur Kobus Jobert

Die trofee pryk teen al wat muur is. Met die eerste oog opslag is dit duidelik dat dit nie 'n biltong jagter is nie. Die spesies kom van reg oor die wêreld, by sommige beide die manlik en vroulike langs mekaar. 'n Skamele opmerking dat jy eintlik maar net vir die pot jag word flink beantwoord met die stelling dat as jy dit kan bekostig, jy maar kan skiet. Gou word daar gespog met die skut se skootplasing, sy wapen en kaliber. Die koste van die uitstappie word ook nie teruggehou nie. Die rekord boek word uitgehaal en jy word attend gemaak op al die plekke waar sy naam geskryf staan. Hy skiet goed, hy skiet ook nie met enige geweer nie. Die gesprek word stil, so al of daar gewag word op 'n lofprysing. Die jagter het immers hard gewerk vir die geld en voel hy verdien die eer. Sy beker loop oor van al die erkenning en komplimente. Dit alles vir 'n ego booster.

Daar word 'n 4x4 gehuur, somer 'n sleepwa ook. Die voertuig is vol Direkteure en die wa vol galopsop. Dis die manne van XYZ Edms. Bpk. 'n Baie suksesvolle maatskapy. Belangrike kliënte word jaarliks uitgeneem om te gaan jag. Net enkeles het gewere, almal is mos nie jagters nie. Die manne word trakteer, alles op die huis. Die vliegtuig is somer vroegdag oor en die manne vat fles. Daar moet darem iets geskiet word ook. Dit is immers hoekom hulle hier is en daar gewere saam gebring is. Die manne het van daardie stainless steel glase, glas breek mos maklik so agter op 'n bakkie. Stop, stop, die glase stort en daar word verwoed gekeer dat die bottel met die padkos nie breek nie. Toemaar hy 't gehardloop. Na die derde dag hang daar nog niks, daar is wel al 'n paar skote geskiet maar met 'n direkteursvergadering agter op die bakkie is daar besluit dat die skoot mis was. Dit pla mos nie, na so 'n lekker week in die bos sal die bestellings weer vermenigvuldig want niemand wil volgende jaar se uitstappie misloop nie. Die jag "tool" werk darem goed.

Sorgvuldig en herhaaldelik word daar seker gemaak dat alles ingepak is. Die geweer is getoets en reg, nie die duurste nie, maar immers ken jy hom soos die palm van jou hand. Sy tekortkominge en beperking is as waardevolle kennis ingeprent. Dit is laat in die seisoen, die meeste vroulike diere is dragtig en word vermy.

Die trofeeram word deur die teleskoop bekyk. Die suiping in die agtergrond laat jou die geweer stadig sak en hand uitsteek na die verkyker. Vir etlike minute bekyk jy die dier se gedrag, en kry waardering vir die skepping. Langs die kampvuur word vertel van die Gompou en die mooi Kremetart. Die biltong van die knypkop ram, stukkie vir stukkie met jou knipmes gesny. Sy velletjie lê langs jou lessenaar, daar waar nie baie voete loop nie. Watter groot voorreg.

Niks fout met 'n mooi trofee nie. Wie van ons hunker nie na daardie Roland Ward Koedoebul teen die muur nie. Niks fout met vriende saamneem op 'n jagtog, of 'n glasje om die kampvuur nie. Dit is ons gesindheid wat saakmaak. In nederigheid, met respek vir dier en skepping, en waardering vir die geleentheid, vertel jy aan jou vriende van die duime en sestiendes van die horings. Etiese jagters, is dit ook 'n spesie wat op die rand van uitsterwe staan?

DASSIE JAG TE POTTIES

deur NW. LIGTHELM

Potties tak hou jaarliks 'n Dassie jag waar hulle nou al vir 3 jaar lank ons (Pietersburg tak) uitdaag en uitnooi. Pieter Grimbeeck besluit net daar en dan om vanjaar die uitnodiging te aanvaar. Ek, Pieter en Louis Meyer "vlieg" Sateroggend 6 Maart vroeg weg, oppad Potties toe. Na die eerste paar kilometer was dit vir my baie duidelik hoekom Pieter agter in Louis se Isuzu dubbel kajuit bakkie ingeklum het – daar is nie genoeg vashou plek voor in die bakkie nie. Louis het hom egter nie veel aan ons gesteur nie. Dis eers toe Louis se bakkie in 'n leepte op 'n stadion so dwars oor die pad tot stilstand kom dat hy ewe onskuldig sê: "Kêrels die pad is 'n bietjie nat." Goeie raad: Moenie koffie drink en tegelyketyd bestuur op 'n nat pad nie – jy mag dalk net dwars oor die pad te staan kom."

Helaas, het ons veilig op die plaas aangekom. Met 'n tweede koppie koffie in die hand het ons gestaan en toekyk hoe die misreën oor die koppies hang. Al die Dassie jagters was egter nie deur die ongure weer afgesit nie en kort voor lank was almal in spanne opgedeel - gereed vir aksie.

Ek, Pieter en Louis was nog besig om gereed te maak toe die eerste Dassie sy verskyning maak. Met 'n geskarrel het Pieter 'n patroontjie in die loop. Die skoot klap en ons eerste Dassie tuimel van die klip af. Die opwinding het begin en ons is die rante in.

Tussen die styl rante, klippe, skeure en Louis wat 'n plaas hier en daar koop word daar ernstig gesoek na Dassies. Teen 11:00 die oggend het ons 6 Dassies ingepalm – nie genoeg na aanleiding van die skote wat ons van die ander koppies af hoor nie. Pieter wat besluit het om vir oulaas 'n draai te stap kom kort daarna terug met 'n verdere 4 Dassies. Vasbeslote om ook nog 'n Dassie of twee by ons totaal van 10 te voeg voor die afsny tyd 12:00 is ek en Louis die rante in. My skietvernuf het my egter bietjie in die steek gelaat, maar Louis het gelukkig opgemaak daarvoor en vir ons 'n verdere 6 Dassies ingepalm.

By die kamp aangekom was die Potties manne erg ontstoke toe hulle besef hulle het die onderspit gedelf.

Graag wil ons almal van Potties bedank wat verantwoordelik was vir die reël van die heerlike dag. Ons sal julle verseker weer volgende jaar sien.

PIETERSBURGTAK BUFFEL PROJEK

Pietersburgtak bied 'n geleide Buffeljag kompetisie aan vir die tydperk 2-5 Augustus 2004. Die jag sal plaasvind op die plaas Phoofole naby Phalaborwa. Een buffelbul sal gejag word. Die wenner sal die volgende ingesluit kry:

Verblyf vir jagter plus 2 vriende
Buffelbul jag met PH en gidse.

Kos en drank sal vir eie rekening wees.

Die kaartjies beloop R150 elk
Sluitingsdatum 9 Julie 2004 om 18:00
Trekking 9 Julie 2004 om 20:00

Lede wat vir die buffeljag van Des 2003 kaartjies gekoop het, kan hulle oordra na hierdie trekking.



Briewekolom

Onder die bepalings van die nuwe vuurwapenwet (Wet 60 van 2000) is daar heelwat kommerwekkende sake.

Een van die wat my die meeste pla is dat daar 'n totale onverdraagsaamheidsbepaling is mbt die gebruik van alkohol en die in besit wees van en ook die hantering van 'n vuurwapen terwyl 'n persoon ander die invloed is. Artikel 130(4). In kort beteken dit dan dat wanneer ons na die jagveld vertrek daar GEEN alkohol op die voertuig mag wees nie. Dis nou skielik 'n wets oortreding.

Daarnaas verder, mag niemand eers meer 'n bier nuttig terwyl op pad nie. Nou is iemand ander die invloed en daar is wapens ap die voertuig. Taboe. (Moenie vir my vertel niemand drink 'n biertjie terwyl die jagvakansie begin nie. Gaan loer maar net in op jagaandbyeenkomste -jagters is nie geheelonthouers nie). Op pad jagveld toe, nie 'n probleem nie. Ek dink nie daar was al padblokkades na die jagveld nie. Wat van terug?

Daar is steeds drank, want nie alles word uitgedrink nie. Nou is die risiko van 'n padblokkade uitstekend. 'n Ander probleem is skietdae. Word gewoonlik afgesluit met 'n vleisieskroei en 'n voggie sink. Terug huis toe. Padblokkade. Totaal onder die verkeers limiet -- maar onder die invloed wat Wet 60 van 2000 betref. Wat nou?????? Arrestasie en al die lekker dinge wat saam met 'n toesluiting in 'n polisieesel gaan. Was een van die lesers al daar? ? ? Dis NIKS lekker nie. Het iemand van die wetgewer al ooit aan die implikasies gedink? Dis eintlik soort van ontwapening. Jy sal nie eers meer 'n bier (selfs gemmerbier) in jou huis kan aanhou nie. Wapens en alkohol op dieselfde perseel! Ons praat nie eens van 'n gemmerbier saam met die braaivleis nie. Dis onder die invloed.

Pieter Coetzer



Stephan met 'n Springbok



André met 'n Koedoe

BELANGRIKE DATUMS

PROGRAMME VIR DIE VOLGENDE 3 MAANDE

- 1 APRIL 2004 LEDEVERGADERING LETABA
- 3 APRIL 2004 DUIWESKIET WATERBERG
RONDONMTALIE KLUB SKIETDAG LETABA
- 5 APRIL 2004 TAKBESTUUR WATERBERG
- 7 APRIL 2004 TAKVERGADERING SOUTPANSBERG
- 13 APRIL 2004 LEDEVERGADERING PIETERSBURG
- 15 APRIL 2004 TAKVERGADERING POTTIES
JUNIOR 1 LETABA 15 TOT 18de
- 17 APRIL 2004 SKIETDAG PIETERSBURG
- 21 APRIL 2004 UITVOERENDE BESTUURSVERGADERING
- 24 APRIL 2004 TAKBESTUUR BOSBERAAD WATERBERG

- 3 MEI 2004 TAKBESTUUR WATERBERG
- 5 MEI 2004 TAKVERGADERING SOUTPANSBERG
- 6 MEI 2004 LEDEVERGADERING LETABA
TAKVERGADERING POTTIES
- 7 - 9 MEI 2004 JUNIOR II PIETERSBURG
- 8 MEI 2004 KLUB SKIETDAG LETABA
- 11 MEI 2004 LEDEVERGADERING PIETERSBURG
- 15 MEI 2004 SKIETDAG PIETERSBURG
- 14-16 MEI 2004 JUNIOR AVONTUURKAMP SOUTPANSBERG

- 2 JUNIE 2004 TAKVERGADERING SOUTPANSBERG
- 3 JUNIE 2004 LEDEVERGADERING LETABA
TAKVERGADERING POTTIES
- 12 JUNIE 2004 WILDSETE SOUTPANSBERG
- 16 JUNIE 2004 UITVOERENDE BESTUURSVERGADERING
- 22 JUNIE 2004 LEDEVERGADERING PIETERSBURG
- 26 JUNIE 2004 SKIETDAG PIETERSBURG

- 1 JULIE 2004 LEDEVERGADERING LETABA
- 20 JULIE 2004 CHASA KURSUS WATERBERG
- 22 JULIE 2004 TAKVERGADERING POTTIES
- 23-25 JUNIE SPANBOUNAWEEK LETABA
- 27 JULIE 2004 CHASA KURSUS WATERBERG

Ons het nie Eiland en Magaliesberg takke se programme nie. Kontak die takke vir inligting.

Lede moet onthou dat takbestuursvergaderings vir lede ook oop is. Die besture verwelkom dit, aangesien dit kommunikasie en samewerking bevorder.

Onthou die Intertak spanskiet te Pietersburg op 18 September 2004. Die spantrofee wat verlede jaar deur Waterberg gewen is, is op die spel. Die vroue- en juniorspanne moet nie by die huis gelaat word nie.

Ons sal elke kwartaal die gekombineerde program plaas. Indien julle veranderings of byvoegings het tot julle bestaande program, moet julle dit asb. aan Christine deurgee. Ek sou ook verkies as julle taknuus vir ons deurgee.

Belangrike nota:

Daar sal hierdie jaar baie streng na permitte en lisensies gekyk word tydens die Trofeekompetisie. Onthou jy mag ook net trofee's wat van na verlede jaar se jaarvergadering tot 'n dag voor hierdie jaar se kompetisie gejag is, inskryf. Louis Naude sal die reëls nog later weer deurgee.





LIMPOPO WAARDEERders

You own a house and hearth We value it's worth

Alle tipe:

**Residensiële Eiendomme; Kommersiële Eiendomme; Plase; Plote; Los Goedere; Boedels;
Kapitaalwins en nog vele meer.**

**Tel. 015 297 4299 Faks. 015 297 4299 André - Sel. 083 628 4549 Leon -Sel 083 728 0119
Adres: Rondebosch eenheid 3, H. van Rensburg St, 82, Pietersburg. Pos Adres: Posbus: 11862, Bendor, 0699**

Skakel ons gerus vir 'n kwotasie

